


68  
R52



DEPARTEMENT VAN ONDERWYS  
DIE KAAP DIE GOEIE HOOP



VAN DIE

**Superintendent-generaal**

VAN

**ONDERWYS**

OOR DIE JAAR

**1958**



DEPARTEMENT VAN ONDERWYS  
DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

---

**VERSLAG**

VAN DIE

**Superintendent-generaal**

VAN

**ONDERWYS**

OOR DIE JAAR

**1958**

## INHOUD

	<i>Bladsy</i>
BEGELEIDENDE BRIEF .. .. .	3
VERSLAG VAN DIE SUPERINTENDENT-GENERAAL VAN ONDERWYS	
<i>Hoofstuk</i>	
I. Blanke Onderwys .. .. .	5
II. Kleurlingonderwys .. .. .	20
III. Mediese Diens .. .. .	25
VI. Algemeen	
A. Administrasie .. .. .	30
B. Finansies .. .. .	31
C. Skoolgeboue .. .. .	33
PERSONEEL EN SKOOLSTATISTIEK .. .. .	37

## DEPARTEMENT VAN ONDERWYS KAAP DIE GOEIE HOOP

### VERSLAG VAN DIE SUPERINTENDENT-GENERAAL VAN ONDERWYS oor die tydperk 1 JANUARIE 1958 tot 31 DESEMBER 1958

Departement van Onderwys,  
Kaapstad,  
31 Desember 1958.

Die Edelagbare Die Administrateur,  
Kaapstad.

Edelagbare Heer,

Ek het die eer om my verslag oor die tydperk 1 Januarie 1958 tot 31 Desember 1958 aan u voor te lê.

'n Interprovinsiale Komitee het sy verslag ingedien oor die salarisse van onderwysers en sy bevindings is in April op 'n Administrateurskonferensie oorweeg. Die gevolg was dat verbeterde salarisskale op dieselfde lees geskoei as dié vir die staatsdiens, vanaf 1 April 1958, ingevoer is. Na aanleiding van die regering se aankondiging om vanaf 1 Oktober 1958 hersiene skale waarby die lewensduurtetoeslag ingesluit is vir staatsamptenare in te voer, is daar besluit om 'n Interprovinsiale Komitee te benoem om ooreweging daaraan te skenk om die voorgestelde aanpassings in die salarisskale vir die staatsdiens ook op blanke onderwysers van toepassing te maak. Nuwe salarisskale wat op die komitee se aanbevelings gegrond is, is op 1 Oktober 1958 ingevoer. Die nuwe salarisse het oor die algemeen byval gevind, nie net vanweë die verhoogde besoldiging nie, maar ook omdat hulle bykomstige voordele, soos hoër pensioene, meegebring het.

'n Interprovinsiale Komitee is aangestel om gekonsolideerde salarisskale vir kleurlingonderwysers te oorweeg. Daar word verwag dat nuwe salarisskale vroeg volgende jaar aangekondig sal word.

Die tekort aan blanke onderwysers duur nog voort, alhoewel daar in vergelyking met 1957 'n geringe verbetering ingetree het. Daar is ook 'n tekort aan kleurlinglerkrigte wat bevoeg is om onderrig in die sekondêre klasse te gee. Om die onderwysberoep, die aard en die moontlikhede daarvan, onder die aandag van ouer leerlinge en hul ouers te bring, is 'n baie aantreklike brosjure opgestel en aan skole uitgedeel. Daar word geglo dat hierdie brosjure leerlinge sal aanmoedig om by die beroep aan te sluit.

Ek wil my opregte dank aan U Edele en die Uitvoerende Komitee betuig vir u wyse raad en welwillende medewerking.

Edelagbare Heer,

U dienswillige dienaar,

J. G. MEIRING,

*Superintendent-generaal van Onderwys.*

## HOOFSTUK I

### BLANKE ONDERWYS

#### *Primêre Onderwys*

Aan die end van die tweede kwartaal was die totale inskrywing in alle primêre klasse 136,625 in vergelyking met 135,919 in 1957, dus 'n toename van 706. In 1955 was die toename 1,473, in 1956 1,294, maar in 1957 was daar 341 minder primêre leerlinge op skool as in 1956. Die afname in 1957 moet onder andere toegeskryf word aan die inwerkingtreding van Ordonnansie no. 20 van 1956 waarvolgens leerlinge net een maal aan die begin van die kalenderjaar ingeskryf mag word en dan slegs as hulle op of voor 30 Junie van die jaar waarin hulle ingeskryf word, ses jaar oud sal wees.

Na die invoering van die hersiene laerskoolkursus in 1953 het dit spoedig duidelik geword dat onderwysers voorligting en leiding in verband met die leerplanne en die kursus oor die algemeen nodig gehad het. Die komitee wat die hersiening van die leerplanne behartig het, het dit dan ook dadelik sy taak gemaak om hierdie voorligting te gee in die vorm „Wenke by die Onderwys” wat in hierdie stadium uit 6 dele bestaan: Inleiding tot die Leerplanne en Wenke; Die Tale; Gemeenskapsopvoeding; Rekenkunde; Musiek, Kuns, Handwerk en Skrif; Godsdiensoonderrig.

Die wenke by die onderrig van Rekenkunde is in 1958 hersien en sal begin 1959 vir gebruik in skole beskikbaar wees. Die reeks is, soos die naam aandui: *Wenke*; dit bevat geen metodologiese voorskrifte nie, maar is 'n poging om leiding te gee in verband met die vertolking van die inhoud van die onderskeie leerplanne, die gees waarin die onderrig benader behoort te word, en om beproefde metodes toe te lig.

Dit is verblydend om te kan meld dat die wenke groot byval vind onder die leerkrigte in laerskole en dat opleidingsinrigtings besonder nuttige gebruik daarvan maak.

Noudat die kursus etlike jare beproef is, word gevoel dat 'n hoër peil van bedrewenheid in die kernvakke wenslik is. Dit kan bes geskied deur meer tyd aan hierdie vakke te wy. Dit sal derhalwe nodig wees om die tydindeling vir die laerskoolkursus in hersiening te neem en daarbenewens duideliker leiding te gee oor die vraagstuk van bevordering uit een standerd na die volgende om enige misverstande wat daar nog mag bestaan, uit die weg te ruim.

Die hersiening van die leerplanne vir die spesiale klasse is reeds ver gevorder. Daar word gepoog om hierdie leerplanne in 1959 te voltooi sodat hulle in 1960 beskikbaar gestel kan word.

*(a) Die Junior Sekondêre Kursus*

Die reorganisasie van ons onderwysstelsel het sedert 1953 bo verwagting goed verloop. Alhoewel daar met hierdie groot taak ver gevorder is, is dit nog noodsaaklik om in die lig van die onder- vinding aanpassings te maak. Aanpassings moet trouens gedurig in elke onderwysstelsel geskied om moontlike verstarring of stilstand te voorkom.

Die uitbreiding van leerplig het vraagstukke geskep waarvoor daar nog gedurig oplossings gevind moes word.

Nadat die Junior Sekondêre Kursus drie jaar in werking was, het die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie deeglik ondersoek ingestel na sommige van die probleme wat eie was aan die kursus. Die bevindings en aanbevelings, wat werklik positief en opbouend was, saam met besluite van onderwyserskongresse, is deur die Departement na 'n komitee verwys, waarin die Adjunk Superintendent- generaal van Onderwys, die hoofinspekteurs, inspekteurs van skole en verteenwoordigers van die twee onderwysersverenigings gedien het. Die aanbevelings van hierdie komitee het weer as grondslag gedien vir 'n baie vrugbare konferensie van inspekteurs van skole teen die end van Maart 1958. By hierdie waardevolle konferensie is 'n verskeidenheid van vraagstukke wat die Junior Sekondêre Kursus raak, nogens onder die soeklig geplaas, ontleed en moontlike oplossings aan die hand gedoen. Na afloop van die konferensie is al die aanbevelings van hierdie konferensie weereens aan 'n deeglike nabetrugting onderwerp. As gevolg van al die beraadslaginge en bevindings het dit moontlik geword om sekere beleidsrigtings te bepaal, waarvan die volgende sommige van die belangrikste is:

Die eerste ontstaan uit die wye verspreiding van intelligensie en die uiteenlopendheid van belangstellings en aanleg in die ouderdoms- groep 12½ tot 16 jaar. Terselfdertyd moet rekening gehou word met die groot verskille in skolastiese prestasie wat as gevolg van die uitbreiding van leerplig meer as tevore op die voorgrond getree het. 'n Oplossing is in gedifferensieerde onderwys gesoek, maar differensiasie kan ook nie te vroeg ingevoer word nie.

Die eerste jaar van die Junior Sekondêre Kursus, of standerd VI, word dus as 'n verkenningsjaar beskou om leerlinge volgens bekwaamheid, belangstelling en aanleg in die tweede jaar in een van drie rigtings te stuur, al na gelang van die vakke wat die skool kan aanbied.

Die samestelling van die Junior Sekondêre Kursus sal in hersiening geneem moet word. Dit mag 'n ingrypende uitwerking op verkenning in standerd VI hê. Daarbenewens moet differensiasie na buite sowel as na binne wees. Wat leerstofaanpassing betref, is daar 'n aantal komitees onder leiding van 'n Algemene Komitee aangestel met die opdrag om op die aangeleentheid in te gaan en ook die besondere behoeftes van die begaafde kind gedurig in gedagte te hou. Weens druk van werksaamhede was die komitee nog nie in staat om sy taak af te handel nie.

Uit hierdie bedenkinge het twee ander besluite gespruit:

- (a) Boekhou en Sakemetodes word vervang deur 'n saam- gestelde vak wat uit Boekhou, die essensiële Sakemetodes en dié deel van die Handelsrekenkunde wat in Algemene Wiskunde ingesluit is, sal bestaan. Die Wiskunde-leerplan sal dan deur meer suiwer Wiskunde aangevul word. Die Departementele Eksamenkomitee is gevra om geskikte leerplanne op te stel in Wiskunde met die doel om 'n beter grondslag vir Wiskunde in standerds IX en X te lê.
- (b) Temawerk sal net in Algemene Wetenskap en Sosiale Studie vereis word en sal beperk word tot een tema in elk van dié twee vakke. Die temas kan in standerd VII of standerd VIII of in standerd VII en standerd VIII gedoen word.

In die tweede plek is daar nog altyd die minder begaafde kind wat deur die wet verplig word om die skool by te woon totdat hy 16 jaar oud is of standerd VIII afgelê het, maar wat hom nie by die beskikbare kursusse kan aanpas nie. Die leerstof moet by sy ontwikkelingspeil aangepas word, of daar behoort 'n ander soort leerstof aangebied te word.

Die Departementele Eksamenkomitee sal versoek word om onderhewig aan sekere voorwaardes, in te gaan op die moontlikheid van die daarstelling van 'n kursus vir die laer-normale leerlinge wat tans blykbaar nie in die gewone kursusse tot hul reg kan kom nie.

Die nuwe kursus het dadelik meegebring dat die ou stelsel van eksterne eksamens nie toegepas kon word nie; eksaminering het derhalwe hoofsaaklik die skool se funksie geword en eksterne eksamens is grotendeels deur interne eksamens vervang.

Uit die getuienis van die inspekteurs van skole blyk dit baie duidelik dat onderwysers hulle reeds op verblydende wyse by die nuwe stelsel van eksaminering aangepas het sedert die kursus in 1953 ingestel is. En hierdie aanpassing het geskied ondanks die feit dat baie van hulle twee ernstige moeilikhede die hoof moes bied: handhawing van standarde deur middel van interne eksamens en eksamentegniek.

Om Departementele kontrole oor die interne eksamens in die Junior Sertifikaat uit te oefen, is by wyse van 'n proefneming besluit om:

- (i) met uitsondering van die voorgeskrewe boeke die twee amptelike tale ekstern te toets soos dit tans die geval is;
- (ii) onderwysers aan te moedig om hul eie vraestelle in die onderskeie vakke wat hulle onderrig, op te stel en die eksamens intern af te neem sodat die eksamen uiteindelik geheel-en-al intern afgeneem kan word;
- (iii) vir alle vakke vraestelle en memoranda ekstern op te stel, hulle te druk en aan inspekteurs van skole beskikbaar te stel vir gebruik na goeddunke, met die doel om ervare onderwysers van tyd tot tyd die geleentheid te bied om hul standaard met 'n provinsiale standaard te vergelyk en om onervares en ander wat nie genoegsaam opgelei is

nie in die vakke wat hulle soms in die omstandighede moet onderrig, te help om standaard te tref;

- (iv) die resultate wat in die ekstern opgestelde vraestelle behaal word nie deurslaggewend te maak nie, maar om hulle tesame met die jaarpunte vir bevordering, al dan nie, in aanmerking te neem.

Die volgende tabel dui die resultate aan wat kandidate in die Junior Sertifikaat-eksamen in 1958 behaal het:

Geslaag in die Eerste Graad		Geslaag in die Tweede Graad		Druipelinge		Totaal
Seuns	Dogters	Seuns	Dogters	Seuns	Dogters	
1,455 13%	1,851 16%	3,415 31%	3,211 29%	836 6%	512 5%	11,280

Benewens die algemeen-vormende onderwys wat in die Junior Sekondêre Kursus aangebied word, is aan twee gewone hoërskole en vier hoër landboukole beroepslandbou aangebied, en aan spesiale middelbare skole word voorsiening gemaak vir voorberoepsonderwys van leerlinge wat op 14 plus jaar uit spesiale klasse na sulke skole oorgeplaas kan word. Na proefnemings wat oor 'n aantal jare gestrek het, is die leerplanne vir die Spesiale Middelbare Kursus opgestel waarin die funksie van hierdie tipe skool soos volg omskrywe word:

„Die Spesiale Middelbare Kursus maak voorsiening vir die na-primêre onderrig van die verstandelik-afwykende leerling. Dit behels sowel algemeen-vormende onderwys as praktiese voorberoepsopleiding en bied die onderwyser die geleentheid om die inhoud van die kursus by die besondere behoeftes van die individuele leerlinge aan te pas. Dit beteken dat by elke afsonderlike leerplan 'n diagnostiese benadering en leerstofaanpassing noodsaaklik is.

Die verstandelik-afwykende leerlinge behoort dus in hierdie kursus 'n ander soort onderwys te geniet as in die laerskool; dit is na-primêre onderwys met 'n beroepstendens. Die spesiale klas in die laerskool het skoolaanpassing ten doel, maar hierdie kursus stel beroepsaanpassing as mikpunt. Beroepsnuttigheid sal dus deurgaans beklemtoon moet word; die leerstof sal derhalwe nie net van algemene, indirekte waarde vir beroepsaanpassing wees nie, maar gerig wees op direkte, doelbewuste, praktiese voorberoepsopleiding.

Benewens opleiding in praktiese vakke word ook voorsiening gemaak vir onderrig in die twee Amptelike Tale, Algemene Wiskunde en Sosiale Studie. Ook in laasgenoemde vakke word beroepsaanpassing as mikpunt gestel. Die inhoud van die vakke word derhalwe aangepas by die behoeftes van die leerling as toekomstige werksman en die onderrig daarvan geïntegreer met sy praktiese werk. By aanbidding van die leerstof moet deeglik rekening gehou word met

verskille in die skolastiese vordering van leerlinge in die onderskeie vakke by hulle toetrede tot die kursus sowel as deur die hele kursus

„  
Dit is 'n driejarige kursus. As die leerling die kursus met welslae voltooi het, verwerf hy 'n Junior Sertifikaat (Vakkundig), maar die benaming is ongelukkig nog nie finaal bepaal nie. Na gelang van die beskikbare geriewe word vir een of meer van die volgende vakrigtings in die onderskeie inrigtings voorsiening gemaak: Houtwerk, Plaatmetaalwerk, Duikklopwerk, en Skilderwerk vir seuns; en Huishoudkunde en Naaldwerk vir meisies. Daar sal aan ander praktiese studierigtings vir dogters oorweging geskenk moet word.

Die volgende tabel toon die getal skole en die inskrywing by elk:

Skool	Inskrywing
Westcliff (Kaapstad)	160
Baysville (Oos-Londen)	98
Kimberley	84
Port Elizabeth	149
Uitenhage	95
Totaal	586

Die oprigting van 'n soortgelyke skool op George word oorweeg.

In vergelyking met 37 kandidate in 1957, het 79 kandidate die Junior Sertifikaat (Vakkundig) in 1958 verwerf.

Op Port Elizabeth en Uitenhage is permanente huisvesting nog nie voltooi nie en word onderrig in sekere vakrigtings aan 'n aantal laerskole gegee. Die skool op Kimberley het 'n koshuis waarin daar gemiddeld 23 leerlinge gehuisves is.

#### (b) Die Senior Sekondêre Kursus

Die leerplanne vir die Senior Sekondêre of Hoërskoolkursus is ook hersien en reeds in 1956 ingevoer. In 1958 is die kandidate vir die tweede maal oor die hersiene kursus geëksamineer. Vir sover die personeelvoorsiening dit uitvoerbaar maak, is drie studierigtings in die kursus moontlik: 'n akademiese, 'n handels- en 'n praktiese of moderne rigting. Die Wet op Beroepsonderwys van 1955 plaas 'n belemmerende beperking op die onderwys van Handel aan hoërskole in hierdie provinsie: skole mag nie meer as twee volwaardige handelsvakke aanbied nie. Om aan die wet te voldoen en nogtans in die behoeftes van leerlinge te voorsien, maar ook aan die verlange van ouers te voldoen, moes sekere verpligte groeperings van handelsvakke voorgeskryf word, wat nie in belang van doeltreffende onderrig is nie. Onderhandelinge is egter nog aan die gang om die beperkinge verslap te kry.

By wyse van 'n proefneming is Geskiedenis in 1957 en 1958 gedeeltelik in 'n ander vorm as voorheen geëksamineer. Volgens

dié metode kry kandidate wat nie die aanleg het om vroeë wat lang antwoorde vereis, met welslae aan te durf nie, die geleentheid om vir hul feitekennis beloon te word. Die eindresultaat vergelyk nou beter met dié van die ander vakke as in die verlede. Daar sal nog uitmaak moet word of die eksamen in die toekoms volgens hierdie patroon voortgesit sal word.

Omdat so 'n geringe aantal leerlinge Kuns en Kunsvlyt, Plantkunde, Chemie, Letterkunde, Literature, Hout- en Metaalwerk (saamgestelde kursus), Natuurkunde en Dierkunde aanbied, en soveel moeilikheid dikwels ondervind word om bevoegde eksaminatore te vind, opper die baie belangrike vraag hom vanself of die insluiting van dié vakke in die kursus langer geregtig kan word.

Die volgende tabel toon die resultate wat in die Senior Sertifikaat-eksamen in 1958 behaal is:

	Seuns	Dogters	Totaal
Getal geslaag in die eerste graad .. ..	658	654	1,312
Getal geslaag in die tweede graad .. ..	1,869	1,538	3,407
Getal druipele .. .. ..	468	225	693
Getal wat die hele eksamen afgelê het ..	2,995	2,417	5,412
Getal wat vakke aangebied het vir Matrikulasievystelling .. .. ..	2,318	1,155	3,473
Getal wat vrystelling van Matrikulasië verkry het .. .. ..	1,554	898	2,452

#### Beroepslandbou

Aan twee gewone hoërskole, op Kakamas en George, en aan drie hoër landbouskole word 'n landboukursus met 'n besliste beroepsinslag aangebied. Die kursus is vir seuns bedoel wat wil gaan boer of 'n beroep met 'n landboukundige tendens wil beoefen. Tot aan die end van 1957 het die kursus uit die twee Amptelike Tale, Algemene Wetenskap, Landbou-ekonomie en Landbou, dubbele vak, bestaan. Hierdie kursus het nie vrystelling van matrikulasië moontlik gemaak nie. Verlof is toegestaan om van 1 Januarie 1958, Wiskunde as keusevak teenoor Landbou-ekonomie in standers IX—X te stel. Algemene Wetenskap word egter van 1959 vir vrystelling van matrikulasië erken, sodat 'n kandidaat wat volgende jaar Algemene Wetenskap en Wiskunde aanbied, vir vrystelling van matrikulasië in aanmerking kan kom en gevolglik ook toelating tot 'n universiteit kan verkry om 'n graadkursus te loop. 'n Soortgelyke skool is begin 1958 op Vaalharts geopen en 'n plaas (1,300 morg) is naby Paarl teen 'n bedrag van £75,000 vir 'n dergelyke skool in die winterreënvalstreek aangekoop.

Ongeveer 90% van die leerlinge wat hierdie kursus volg, beland in die boerdery.

Om aan die kursus aan hoër landbouskole reg te laat geskied, is uitgebreide geriewe noodsaaklik. Dit maak die kursus besonder duur: elke leerling in hierdie kursus kos die staat ongeveer drie maal soveel as 'n ooreenstemmende leerling aan die gewone hoërskool. Ten spyte hiervan is verlof aan elk van hierdie skole toegestaan om van 1958 'n stander VI-klas te stig vir die seuns wat reeds op die boerdery as loopbaan besluit het. Die stander VI-kursus is feitlik dieselfde as dié aan gewone hoërskole, sodat 'n leerling wat aan die end van die stander VI-jaar besluit om van die landboukursus af te sien, sonder enige agterstand by die gewone hoërskool in stander VII kan aansluit.

Die inskrywing aan die hoër landbouskole was 496 in 1958, in vergelyking met 424 in 1957 en 323 in 1955.

#### Inskrywing

Die totale inskrywing in alle skole van stander VI tot stander X was 55,897, wat 'n vermeerdering van 1,831 bo die inskrywing van 54,066 vir 1957 getoon het. Die totale inskrywing vir alle skole van substander A tot stander X was 192,522 wat, in vergelyking met die ooreenstemmende inskrywing vir 1957, 'n vermeerdering van 2,537 toon. Die onderstaande tabel toon die omvang van die vermeerdering in die inskrywing by alle skole vir blanke leerlinge oor die tydperk 1954 tot 1958:

Tweede Kwartaal	Totale Inskrywing	Vermeerdering
1954 .. .. .	182,294	4,187
1955 .. .. .	185,650	3,356
1956 .. .. .	188,039	2,389
1957 .. .. .	189,985	1,946
1958 .. .. .	192,522	2,537

#### Onderwyserskursus

Die hersiening van die leerplanne het nie by die middelbare en hoërskole geëindig nie. Die hersiene kursus vir die laerskool het die hersiening van die onderwyserskursus 'n noodsaaklikheid gemaak. Die Professionele Eksamenkomitee het die grootste gedeelte van hierdie groot taak in 1958 voltooi. Alhoewel dit die doel was om die hersiene kursus in 1959 in die eerste jaar van die onderwyserskursus in te voer, was daar 'n paar inrigtings wat dit reeds in 1959 in die tweede jaar van die opleidingskursus wou invoer.

Die hersiene kursus is soos volg saamgestel:

Groep A:

Godsdiensoonderrig

Groep B:

Beginsels van die Onderwys en Administrasie

Groep C:

- (a) Een Amptelike Taal, hoër graad
- (b) Een Amptelike Taal, hoër of laer graad

Groep D:

- (a) Rekenkunde
- (b) Gemeenskapsopvoeding
  - (i) Gesondheidsopvoeding
  - (ii) Omgewingsleer
  - (iii) Geskiedenis en Burgerleer
  - (iv) Aardrykskunde
  - (v) Natuurleer

Groep E:

- (a) Liggaamlike Opvoeding
- (b) Musiek
- (c) Kuns
- (d) Handwerk  
(Handskrif en Swartbordtegniek)

In hierdie tweejaarkursus word daarna gestrewe om die student-onderwyser op te lei om sy taak in die laerskool met gemak en welslae te verrig. Na aanleiding van die neiging om die basiese vakke in die laerskool te beklemtoon word in die hersiene kursus nou meer klem gelê op kennis van die basiese vakke met besondere aandag aan die twee Amptelike Tale en Rekenkunde, sowel as aan die inhoudsvakke. Al die vakke onder Groepe A, B, C en D is verplig vir alle studente in die eerste jaar van die kursus; in Groep E het hulle 'n keuse van drie uit die vier vakke. In die tweede jaar is Groepe A, B en C verplig vir alle studente, sowel as Rekenkunde, Geskiedenis en Burgerleer, Aardrykskunde en Natuurleer in groep D en enige twee vakke uit die drie wat in die eerste jaar in Groep E aangebied is. Die vakke Metodiek, Sielkunde en Geskiedenis van Onderwys, wat voorheen te dikwels as aparte studiegebiede behandel is, is saamgevat in een vak, Beginsels van Onderwys en Administrasie. Dit is 'n geïntegreerde kursus wat die leerstof vir die student betekenisvol behoort te maak. Die klem val hoofsaaklik op Metodiek, maar die ander afdelings (Sielkunde en Geskiedenis) sluit hierby aan om dit te versterk en te verryk.

Anders as in die verlede, is die tyd wat aan elke vak bestee behoort te word, aangedui en eksaminering is vereenvoudig deur prestasie in die onderskeie groepe of afdelings van groepe, onderworpe aan sekere voorwaardes, deur prestasie in 'n groot totaal te vervang. Die twee amptelike tale sal nog aan die einde van die tweede jaar deels ekstern geëksamineer word; al die ander vakke sal, onderhewig aan Departementele beheer, aan die einde van die tweede jaar intern geëksamineer word.

In die bestaande derdejaarkursusse geniet student-onderwysers gespesialiseerde opleiding in Musiek, Kuns, Naaldwerk, Houtwerk en Metaalwerk, Liggaamlike Opvoeding, Huishoudkunde en Landbounatuurstudie. Vanaf 1960 word 'n agtste derdejaarkursus, 'n kursus in Akademiese Vakke, aanvanklik aan een opleidings-

kollege ingestel. Die kursus behels Afrikaans, Engels, Rekenkunde, met 'n keuse tussen Geskiedenis en Aardrykskunde aan die eenkant en Natuurleer en Gesondheidsleer aan die anderkant. Die kursus wat by die betrokke kollege ingestel sal word, sal uit Afrikaans, Engels, Rekenkunde en Geskiedenis en Aardrykskunde bestaan en sal voorsiening maak vir gevorderde opleiding van laerskool-onderwysers wat meer in 'n akademiese as in 'n praktiese rigting belang stel.

Die eksamenvereistes vir die tweede- en derdejaarkursusse is nog nie afgehandel nie, maar sodra hulle in 1959 afgehandel is, sal die reorganisasie van die onderwys in Kaapland die laaste stadium bereik het en daar kan dan voortgegaan word met die verwesenliking van die groot ideale wat daardeur in die vooruitsig gestel word.

*Tekort aan Onderwysers*

*(a) Laerskole*

Die tekort aan onderwysers duur nog voort, alhoewel daar in vergelyking met 1957 'n geringe verbetering ingetree het. Aan die einde van die tweede kwartaal van 1958 was daar in alle laerskole, ingesluit die laerskoolafdelings van middelbare en hoërskole 1,380 (1,403 in 1957) vakatures wat tydelik gevul moes word deur 154 (34 mans en 120 vroue) gepensioeneerdes, 1,048 getroude vroue, 62 (16 mans en 46 vroue) ongediplomeerdes en 116 (23 mans en 93 vroue) leerkragte wat na voltooiing van hulle proeftydperk vir permanente aanstelling in aanmerking kon kom. As hierdie 116 leerkragte buite rekening gelaat word, dan was die tekort 1,164, in vergelyking met 1,269 in 1957. Maar hierby moet 138 leerkragte gevoeg word wat tydelik in spesiale klasse vir verstandelik-afwykende leerlinge werksaam was. Hulle het bestaan uit 13 gepensioeneerdes, 109 getroude vroue, 3 ongediplomeerdes en 13 leerkragte wat na voltooiing van hulle proeftydperk vir permanente aanstelling in aanmerking kon kom. Die werklike tekort in klasse vir verstandelik-afwykende leerlinge was dus 125 (122 in 1957). Die totale tekort in alle laerskoolklasse was dus 1,289 in vergelyking met 1,391 in 1957; 'n verbetering derhalwe van 102. As in gedagte gehou word dat daar gedurende 1958-59 nuwe poste in laerskole geskep is, is daar 'n merkbare verbetering in die toevoer van laerskoolleerkragte.

*(b) Middelbare en Hoërskole*

In middelbare en hoërskole was daar in 1958 2,369 poste wat permanent en 570 wat tydelik gevul is. Van die 570 tydelike poste was 99 musiekposte wat bo en benewens die gewone personeelvoorsiening toegestaan word. Die oorblywende 471 vakatures is tydelik gevul deur 79 gepensioeneerdes (59 mans en 20 vroue), 244 getroude vroue, 99 ongediplomeerdes (49 mans en 50 vroue) en 49 leerkragte (37 mans en 12 vroue) wat na voltooiing van hulle proeftydperk vir permanente aanstelling in aanmerking kom. Die werklike tekort was dus 422, maar hierby moet in gedagte gehou word dat daar gedurende 1958-67 addisionele poste geskep is. Daar is 'n nypende tekort aan leerkragte wat bevoeg is om onderrig veral in vakke soos Afrikaans, Engels, Sosiale Studie, Wiskunde, Handelsvakke en die Wetenskappe te gee. By die toekenning van



finansiële hulp aan studente wat hulle aan 'n universiteit of ander erkende inrigtings wil bekwaam om in middelbare en hoërskole onderrig te gee, word voorkeur verleen aan applikante wat hulle in bogenoemde vakke wil bekwaam.

### Musiek

In alle laer-, middelbare en hoërskole was daar in 1958 201 musiekposte wat op tydelike grondslag gevul is deur 16 gepensioeneerdes, 122 getroude vroue, 49 ongediplomeerdes en 14 leerkragte wat na voltooiing van hulle proeftydperk vir permanente aanstelling in aanmerking kom. Alhoewel hierdie poste aanvanklik net aan middelbare en hoërskole geskep is, is hulle ook sedert enige jare aan laerskole met 'n inskrywing van meer as 500 toegestaan. Weens die tekort aan bevoegde leerkragte moes beperkinge op die skepping van sulke poste gelê word. In 1958 is die beperkinge, naamlik dat 'n tweede musiekpos nie goedgekeur word nie tensy die eerste pos permanent gevul is, effens verslap, sodat aan middelbare en hoërskole met 'n inskrywing tot 299, 'n tweede pos toegestaan kan word as die eerste pos permanent gevul is en aan dergelike skole met 'n inskrywing van 300 en meer 'n tweede pos toegestaan word, al is die eerste nog nie permanent gevul nie, maar dat 'n derde pos alleen dan toegestaan sal word as die eerste twee poste permanent gevul is.

### Toevoer van onderwysers

Die verblydende styging in die inskrywing vir die eerstejaarkursus van die Primêre Onderwysersertifikaat aan opleidingskolleges waarvan in die vorige verslag melding gemaak is, duur nog voort. Die inskrywing vir 1958 toon 'n vermeerdering van 49 bo dié vir 1957. In 1958 is 779 goedgekeurde aansoeke om toelating ontvang. Hiervan is 695 (157 mans en 538 vroue) toegelaat. Hierdie syfer sluit nie 21 studente uit Rhodesië, 12 studente uit Suidwes-Afrika en druipele wat die eerste jaar van die kursus herhaal, in nie. Die totale inskrywing vir die Primêre Onderwyserskursus aan alle inrigtings was dus 743 in vergelyking met 704 in 1957. Uitbreidings aan die volgende inrigtings geniet voorkeur en vorder bevredigend: Denneoord (Stellenbosch), Paarl, Wellington en Oudtshoorn. Aansoeke om uitbreidings by die Opleidingskolleges Kaapstad en Graaff-Reinet geniet aandag.

Die volgende tabel toon hoe die inskrywing vir 1958 met dié van die vorige vier jaar vergelyk:

Jaar (Eerste Kwartaal)	Primêre Onderwyserskursus		Hoër Primêre Kursusse	Diploma- kursusse	Totaal
	Eerste Jaar	Tweede Jaar			
1954	602	588	197	9	1,396
1955	625	562	293	11	1,491
1956	674	582	295	14	1,565
1957	704	635	237	8	1,584
1958	743	630	250	—	1,623

In vergelyking met die vorige jaar toon die totale inskrywing vir die derdejaarkursusse 'n vermeerdering van 5 bo die gesamentlike inskrywing vir die derdejaar- en diplomakursusse vir 1957 en dit ten spyte daarvan dat die Diplomakursusse in Liggaamlike Opvoeding vir mans (Paarl) en vroue (Kaapstad) weens swak ondersteuning aan die end van 1957 afgeskaf moes word.

Die volgende tabel toon die vergelykende syfers ten opsigte van die onderskeie hoër primêre en diplomakursusse oor die tydperk 1954 tot 1958:

Kursus (Eerste Jaar)	1954	1955	1956	1957	1958
Landbou-natuurstudie .. .. .	19	18	24	25	26
Handwerk .. .. .	21	36	37	30	28
Musiek .. .. .	9	9	10	8	15
Naaldwerk .. .. .	28	40	42	30	25
Liggaamlike Opvoeding .. .. .	31	50	64	35	44
Huisvlyt .. .. .	18	22	25	23	18
Kleinkinderskoolmetodiek .. .. .	62	102	79	76	83
Kuns .. .. .	9	16	14	10	11
Diploma in Liggaamlike Opvoeding .. .. .	9	8	9	8	—
Diploma in Kuns .. .. .	—	3	5	—	—
Totaal .. .. .	206	304	309	245	250

Hieronder volg 'n tabel wat oor die jare 1954 tot 1958 aandui watter tweetaligheidskwalifikasies deur studente aan opleidingskolleges aan die end van elk van die betrokke jare verwerf is:

Jaar	Geslaag in Primêre Onderwysers- eksamen	Tweetaligheidskwalifikasies van geslaagde kandidate	
		Eerste Graad	Tweede Graad
1954	463	78 (17%)	385 (83%)
1955	442	68 (15%)	374 (85%)
1956	469	74 (16%)	395 (84%)
1957	514	80 (16%)	434 (84%)
1958	513	80 (16%)	433 (84%)

Van die 513 kandidate wat in die Primêre Onderwysers-eksamen geslaag het, het almal 'n tweetaligheidsertifikaat verwerf met 80 in die eerste graad en 433 in die tweede graad. Die beleid om sedert 1957 aan elke opleidingskollege 'n addisionele leerkrag aan te stel wat met net intensiewe onderrig van die tweede taal belas sou wees, het in hierdie stadium nog geen merkbare vrugte afgewerp nie. Die persentasie studente wat 'n eerstegraadse tweetaligheidsertifikaat verwerf het, toon geen verbetering op dié van 1957 nie. Daar word egter in elke opleidingsinrigting daadwerklike pogings aangewend om die peil van tweetaligheid te verbeter.

*Lenings aan universiteitstudente wat kursusse vir 'n Onderwyser-sertifikaat volg*

In die vorige verslag is melding gemaak van gunstiger voorwaardes vir die toekenning van lenings. Vanaf 1 Januarie 1958 is voorsiening gemaak dat

- (a) aan studente wat voorheen vir die rentevrye lenings van hoogstens £120 per jaar elk in aanmerking gekom het, 'n beurs van £90 en desverkiekend ook 'n rentevrye lening van £90 per jaar, geldig vir hoogstens vier jaar, toegeken word;
- (b) die omskepping van rentevrye lenings van hoogstens £120 per jaar elk wat reeds aan universiteitstudente toegeken is, en na 31 Desember 1957 geldig is, in beurse van £90 per jaar elk en behalwe rentevrye lenings van hoogstens £90 per jaar elk, geldig vir die onverstreke tydperke waarvoor die lenings wat alreeds toegeken is, nog geldig is, en
- (c) beurse van £90 en desverkiekend ook rentevrye lenings van hoogstens £90 per jaar elk, geldig vir hoogstens vier jaar, toegeken word aan
  - (i) universiteitstudente wat hulle bekwaam vir die onderrig van verstandelik-afwykende leerlinge en spraakgebrekkige en hardhorende leerlinge;
  - (ii) studente wat kursusse aan tegniese kolleges volg om hulle te bekwaam vir onderrig in goedgekeurde handelsvakke in die middelbare standerds, en
  - (iii) universiteitstudente wat hulle as middelbare leerkragte wil bekwaam.

Tot aan die end van 1958 is 436 lenings en beurse (ingesluit 284 beurse en lenings vir 1958) tot 'n bedrag van £37,575 (£24,155 vir 1958) toegeken.

*Brosjure: Die Onderwys as Beroep*

Om die onderwysberoep, die aard en die moontlikhede daarvan, sowel as die bevrediging wat dit meebring, onder die aandag van ouer leerlinge en hul ouers te bring, is teen die end van 1957 'n baie aantreklike brosjure, „Die Onderwys as Beroep”, deur die Departement van Onderwys opgestel en aan skole uitgedeel. Dit is die werk van 'n komitee waarin Departementele amptenare en die onderwysersverenigings verteenwoordiging gehad het. Daar word geglo dat hierdie brosjure onderwysers in hul verhewe taak sal bemoedig. Dit is besonder prikkelend opgestel. Die benadering is saaklik en objektief, maar daarby tintel dit van idealisme. Ouers van leerlinge sal die brosjure interessant en insiggewend vind. Ouers moet aangemoedig word om hul kinders die ervaring van diensvreugde te laat beleef, soos dit in die onderwys moontlik is. So wil die brosjure ouers en onderwysers help om „saaiers” te wees wat dertig-, sestig- en honderdvoudig beloon sal word. Vir die kinders sal dit 'n aansporing wees om die mooiste van hul toekoms te maak, want die onderwys bied kostelike en wonderlike geleenthede om van 'n mens se lewe 'n sieraad te maak.

Die brosjure is op kunspapier gedruk, smaakvol opgestel en ryklik geïllustreer deur ongeveer 100 portrette om 'n beeld te gee van die verskillende gesigspunte van 'n student en 'n onderwyser se lewe. Besonderhede oor salarisse, diensvoorwaardes, ensovoorts word daarin vervat.

Omdat tydens die voltooiing van die brosjure die hersiening van die salarisskale in oorweging was, is ongeveer 8,000 eksemplare in voorraad gehou vir die aanbring van die nodige wysigings wat noodsaaklik geword het vanweë die salaris-aanpassings in 1958. Dié voorraad is beskikbaar vir verspreiding in 1959.

*Vakansie- en Opfrissingskursusse*

Gedurende 1958 is die volgende kursusse gehou:

- (a) Eendagkursusse in Kuns op Graaff-Reinet, George en Upington;
- (b) Intensiewe vierdagkursusse in Kuns op George en Upington;
- (c) Vyfdagkursusse in Kleinkinderskoolmetodiek te Paarl, Springbok, Wellington en Stellenbosch;
- (d) 'n Kursus vir Wetenskap-onderwysers wat in medewerking met die Departement van Onderwys deur die Universiteit van Stellenbosch gereël is. Die kursus is deur 130 leerkragte bygewoon.

Inspekteurs van skole het ook 'n naweekkonferensie gereël op elkeen van die volgende plekke: Upington (vir die Prieska-Gordonia-omgange), Vredendal (vir die Calvinia-Springbok-omgange) en Queenstown. Die Karoo-sirkel het 'n konferensie op Beaufort-Wes gehou. Vir handelonderwysers is 'n konferensie te Goodwood en te De Aar gehou.

*Salarisse*

In my vorige verslag het ek melding gemaak van verhoë van die georganiseerde beroep om verbeterde salarisskale vir onderwysers veral met betrekking tot die jaarlikse verhogingstarief en die salarisse wat onderwysers met hoër kwalifikasies aangebied word, en van die benoeming van 'n interprovinsiale komitee om op dié aangeleentheid in te gaan.

Die komitee het in Januarie 1958 vergader en sy bevindings is in April op 'n Administrateurskonferensie oorweeg. Die gevolg was dat verbeterde salarisskale, op dieselfde lees geskoei as dié vir die staatsdiens, vanaf 1 April 1958 ingevoer is. Die georganiseerde beroep was dankbaar vir die verbeterings wat toegestaan is, maar was nog van mening dat die grondslag waarop die salaris-aanpassings geskied het, nie bevredig het nie en dat die skale in sekere opsigte nog verbeter kon word.

Die Administrateurs het in Julie op 'n vergadering besluit om, na aanleiding van die regering se aankondiging om vanaf 1 Oktober

1958 hersiene skale waarby die lewensduurtetoelag ingesluit is vir staatsamptenare in te voer, 'n interprovinsiale komitee te benoem om oorweging daaraan te skenk om die voorgestelde aanpassings in die salarisskale vir die staatsdiens ook op blanke onderwysers van toepassing te maak. Drie verteenwoordigers van die Federale Raad van die Onderwysersverenigings in Suid-Afrika het in 'n raadgevende hoedanigheid in hierdie komitee gedien.

Nuwe salarisskale wat op die komitee se aanbevelings gegrond is, is op 1 Oktober 1958 ingevoer. Om te toon in watter mate die skale verbeter is, kan by wyse van voorbeeld gemeld word dat die nuwe skale vir assistent-onderwysers in kategorie (d) £700 x 50—£900 x 60—£1,440 en £630 x 30—£720 x 40—£1,010 vir mans en vroue onderskeidelik is, in vergelyking met £585 x 25—£1,010 (plus lewensduurtetoelag teen £234 per jaar vir getroude mans) en £510 x 20—£830 onderskeidelik, soos dit in Maart 1958 was. Hoofde van hoërskole, groep A, ontvang nou 'n vaste jaarlikse salaris van £1,920 en £1,560 vir mans en vroue onderskeidelik, terwyl hulle voor April 1958 besoldig is volgens 'n skaal van £1,260 x 50—£1,410 (plus lewensduurtetoelag teen £234 per jaar vir getroude mans) en £1,030 x 40—£1,150, onderskeidelik.

Die nuwe salarisskale het oor die algemeen byval gevind, nie net vanweë die verhoogde besoldiging nie, maar ook omdat hulle bykomstige voordele, soos hoër pensioene, meegebring het. Die nuwe skale en die verhoogde aftree-ouderdom wat verlede jaar van krag geword het, sal gesamentlik die uitwerking hê dat onderwysers wat in die toekoms met pensioen uit die diens tree, van 'n goeie bestaan verseker sal wees.

#### *Audio-visuele Hulpmiddels*

##### *Die Radio*

Gereelde skooluitsendings geskied nog soos vantevore, met dié verandering egter dat uitsendings vir sekondêre leerlinge in die namiddae geskied om die skole wat moeilikheid ondervind met die behoorlike uitvoering van die onderrigprogram of met die rooster van skoolwerkzaamhede, tegemoet te kom. Nuuspraatjies word Vrydae in die voor- en namiddae gelewer. 'n Belangrike voorwaartse stap was die uitgee van die skoolradiopamflette. Hierdie pamflette bevat nuttige aantekeninge, en die aantreklike illustrasies alleen is al baie bruikbare onderrigmiddels. Hulle doen beslis baie om belangstelling vir skooluitsendings te prikkel en die aanvraag om die pamflette neem gevolglik steeds toe.

Skole skaf al meer en meer bandopnamemasjiene aan. Hierdeur is hulle in staat gestel om opnames van die skooluitsendings te maak en dan daarvan gebruik te maak wanneer dit hulle pas. Die skole het hierin 'n oplossing gevind vir die moeilikheid wat hulle dikwels ondervind het om die skooluitsendings in die skool se rooster van werkzaamhede in te pas.

##### *Die Rolprent*

Die doeltreffendheid van hierdie hulpmiddel het tot hiertoe afgehang van die behoorlike verdonkering van klaskamers. Die draagbare „dagligskerm” het egter die moeilikhede grotendeels

opgelos, sodat dit nou moontlik is om rolprente in enige klaskamer en op enige tyd van die dag te vertoon. Alhoewel die meeste skole vermoedelik nog die rolprent in die klaskamer of in die skoolsaal vertoon waar die projektor geïnstalleer is, kan die strookfilm-apparaat maklik van klaskamer tot klaskamer gedra en daar gebruik word sonder die beslommernis van verdonkering. Klasse hoef dus nie meer na 'n bepaalde vertrek te verhuis om die voordele van hierdie onderrigmiddel te geniet en sodoende die organisasie van die skool te bemoeilik nie.

#### *Skoolmuseumdienste*

In Port Elizabeth en Oos-Londen is Departementele leerkragte aan die museums verbonde. Hulle gee onderrig aan klasse wat na die museums gebring word, begelei die klasse deur die museums en is gewoonlik tot die beskikking van die onderwysers.

Die „museumkas”-diens van die Albanie-museum brei nog gedurig uit. Gedurende 1958 is ongeveer 10 kaste per jaar aan elk van 232 skole vir blankes en kleurlinge gestuur. Die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad kon gemiddeld net 3 kaste per jaar aan elk van 210 skole stuur omdat minder kaste beskikbaar was. Hierdie dienste het groot waarde vir skole wat nie 'n besoek aan 'n museum kan bring nie.

## HOOFSTUK II

### KLEURLINGONDERWYS

In laer-, middelbare en hoërskole is kleurlingonderwys presies op dieselfde lees as dié vir blankes geskoei: die leerplanne is dieselfde en vir sover die bevoegdhe van die beskikbare leerkragte dit toelaat, is die kursusse ook. Eksaminering en bevordering is vir blankes en kleurlinge eners. Die hoofstuk in hierdie verslag oor die onderwys vir blankes is in breë trekke ook op kleurlingonderwys van toepassing, met dié uitsondering dat waar daar in die geval van skole vir blankes alle standerd VI-klasse na die middelbare en hoërskole oorgeplaas is, dit om 'n verskeidenheid van redes nog nie in alle skole vir kleurlinge geskied het nie. Die hersiene leerplanne, ingesluit die hersiene onderwyserskursus, is dus ook in skole, opleidingskole en opleidingskolleges van krag.

Wat opleidingskolleges betref, is die doelstellings, kursusse en eksaminering vanaf 1959 presies dieselfde as dié in opleidingskolleges vir blankes. As gevolg van die hersiene kursus sal die gewysigde kursus in Naaldwerk en Huishoudkunde na 1958 nie behou kan word nie. In opleidingskole volg die opleidingskursus dieselfde patroon as in opleidingskolleges behalwe dat, alhoewel die studente kennis moet opdoen van die inhoud van die hele laerskoolleerplan, onderrig in die metodiek beperk sal word tot die laer standers. Anders as in opleidingskolleges, sal Algemene Metodiek ekstern getoets word. Vakmetodiek sal, soos in opleidingskolleges, intern getoets word.

Soos uit onderstaande tabel blyk, is kleurlingonderwys nog gedurig aan die uitbrei:

Derde kwartaal	1955	1956	1957	1958
Totale inskrywing by skole ..	214,416	220,015	227,759	235,464
Inskrywing in sts. VII tot X ..	7,553	8,219	8,670	9,350
Getal leerkragte .. ..	6,450	6,705	6,984	7,302
Getal skole .. .. ..	1,262	1,291	1,327	1,366

Die totale inskrywing het oor 'n tydperk van vier jaar met 21,048, die getal in standers VII tot X met 1,797, die getal onderwysers met 852 en die getal skole met 104 toegeneem. En dit ten spyte daarvan dat met net 'n paar uitsonderings soos op Cradock, Kimberley, Simonstad, King William's Town, Keiskammahoek en Alice, skoolbesoek nie verplig is nie. Die vermeerderde inskrywing vir die sekondêre standers is ook weerspieël in die vermeerdering van die getal kandidate wat die Senior Sertifikaat-eksamen met sukses voltooi het, soos uit die volgende tabel blyk:

Jaar	1955	1956	1957	1958
Getal kandidate wat die Senior Sertifikaat-eksamen geslaag het ..	306	378	418	416

Namate die getal kandidate wat in die Senior Sertifikaat-eksamen slaag, toegeneem het, het ook die getal aansoeke om toelating tot opleidingskolleges dermate vermeerder, dat oorweging geskenk word aan die oprigting van 'n derde opleidingskollege om minstens 'n aanvang te maak met die verwesenliking van 'n ideaal om, soos in blanke onderwys, te verlang dat elke leerkrag in die laerskool minstens die Senior Sertifikaat moet besit.

#### Toevoer van onderwysers

##### (a) Opleidingskolleges

Hewat (Kaapstad) en Bridgton (Oudtshoorn) bly nog die enigste twee opleidingskolleges. Soos reeds in die vorige verslag gemeld, word oorweging geskenk aan die moontlike oprigting van 'n derde opleidingskollege in die Oostelike Provinsie. Om voorsiening te maak vir die vermeerderde getal aansoeke om toelating tot opleidingskolleges, is die Laer Primêre Kursus vir meisies by Oudtshoorn vanaf Januarie 1958 gestaak en vervang deur 'n derde eerstejaarklas vir die Gevorderde Kursus vir mans. Bridgton skryf dus net mans in en Hewat skryf mans en vroue in. Daar was dus aan die begin van 1958 plek vir ongeveer 240 studente in die eerste jaar van die Gevorderde Kursus aan die twee opleidingskolleges. Die sketsplanne vir die nuwe kollege en koshuis vir Hewat vorder goed. Sodra die moeilikhede met die perseel vir 'n nuwe kollege en koshuis op Oudtshoorn uit die weg geruim is, sal argitekthe benoem word om die planne op te stel.

In 1958 is 457 goedgekeurde aansoeke om toelating tot die Gevorderde Kursus ontvang. Die totale inskrywing in al die eerstejaarklasse was 221. Hierdie syfer sluit druipelinge in wat die eerste jaar van die kursus herhaal het. In 1958 het 13 kandidate die Gewysigde Gevorderde Kursus (Naaldwerk) en 12 'n soortgelyke kursus in Huishoudkunde aangebied. Van hierdie kandidate het 10 die Naaldwerkkursus en 5 die Huishoudkunde-kursus met welslae voltooi. Die onsuksesvolles het wel in die praktiese vakke, Naaldwerk en Huishoudkunde, geslaag, maar in die akademiese en/of professionele vakke gedruip. Na die intensiewe opleiding in Naaldwerk en Huishoudkunde wat oor twee jaar gestrek het, behoort hierdie leerkragte bevoeg te wees om dié vakke met gemak tot in die Senior Sertifikaatstadium te onderrig.

In 1958 het 143 kandidate die Gevorderde Sertifikaat verwerf.

##### (b) Opleidingskole

Die getal goedgekeurde aansoeke om toelating tot die Laer Primêre Onderwyserskursus vir kleurlinge aan opleidingskole, het 663 (123 mans en 540 vroue) beloop, waarvan 105 mans en 540 vroue aangeneem is. Van hierdie aansoeke is 57 mans en 418 vroue tot

die kursus toegelaat. Die totale inskrywing in die eerstejaarklasse aan al die opleidingskole was 504. Hierby is ingesluit die druipe-linge wat die eerste jaar van die kursus herhaal het. Mans sal nog net in 1959 tot die eerste jaar van die kursus aan twee opleiding- skole (Dower en Athlone) toegelaat word. Daarna sal net vroue tot die Laer kursus toegelaat word, en mans sal alleen tot opleidings- kolleges toegelaat word mits hulle aan die vereistes vir toelating voldoen.

In 1958 het 337 kandidate die Laer Primêre Onderwysers- sertifikaat verwerf.

Die volgende tabel toon die inskrywing in die onderskeie kursusse aan al die opleidingsinrigtings oor die tydperk 1954 tot 1958:

Kursus (Eerste Kwar- taal	Laer Primêre Onderwysers- kursus		Gevorderde Primêre Onderwysers- kursus		Hoër Primêre Onder- wysers kursus	Gewy- sigde kursus	Totaal
	1e Jaar	2e Jaar	1e Jaar	2e Jaar			
1954	510	444	180	131	45	—	1,310
1955	497	455	166	153	69	—	1,340
1956	508	444	191	147	68	—	1,358
1957	502	443	161	154	68	26	1,354
1958	504	432	221	149	80	25	1,411

Die totale inskrywing vir alle kursusse toon dus 'n vermeerdering van 57 bo dié van die vorige jaar. Die totale inskrywing vir die tweede jaar van die Gevorderde Kursus was inderdaad 174; 25 van hierdie kandidate het die gewysigde kursus in Naaldwerk en Huishoudkunde gevolg. As gevolg van die huidige beleid waarvol- gens mans vanaf 1960 nie meer tot die Laer Primêre Kursus toegelaat sal word nie, kan daar verwag word dat die inskrywing vir die Gevor- derde Kursus in die vervolg aansienlik sal styg.

Die volgende tabel toon die werklike getal kandidate aan wat oor die tydperk 1954 tot 1958 die derdejaarkursusse met sukses voltooi het:

Kursus (Eerste Kwartaal)	1954	1955	1956	1957	1958
Kuns en Handwerk ..	4	10	10	12	8
Handarbeid ..	7	8	8	16	17
Liggaamlike Opvoeding					
Mans .. ..	14	17	16	11	21
Vroue .. ..	—	5	5	8	7
Musiek .. ..	11	13	18	16	13
Kleinkinderskoolmetodiek	5	14	11	5	8
Naaldwerk .. ..	3	—	—	—	—
Totaal .. ..	44	67	68	68	74

Die derdejaarkursusse wat vir vroue bedoel is, is swak onder- steun. Dit is jammer dat daar jaarliks so min studente opleiding in Kleinkinderskoolmetodiek geniet. Om aan die aanvraag om onderwyseresse wat in die laer primêre klasse kan onderrig gee, te voldoen, word oorweeg om die Laer Primêre Onderwyserskursus in die toekoms by hierdie behoefte aan te pas.

In die bouprogram vir Hewat en Bridgton is voorsiening gemaak vir die instelling van 'n derdejaarkursus in die akademiese vakke wat in beginsel reeds aanvaar is. Anders as in die geval van soort- gelyke derdejaarkursusse aan opleidingskolleges vir blankes, is die bedoeling dat kleurlingstudente wat hierdie kursus gevolg het, in die Junior Middelbare Kursus behulpsaam kan wees tot tyd en wyl die tekort aan onderwysers wat bekwaam is om in die sekondêre klasse onderrig te gee, die hoof gebied is.

#### Tekort aan onderwysers

In kleurlingonderwys is daar 'n ernstige tekort aan leerkrigte wat bevoeg is om onderrig in die sekondêre klasse te gee. Intussen word baie gebruik gemaak van leerkrigte wat in besit van die Gevorderde Sertifikaat is. Dié toedrag van sake moet 'n belem- merende uitwerking hê op die peil van die onderwys en verklaar gedeeltelik die hoë persentasie druipe-linge in die Junior en Senior Sertifikaat-eksamens.

#### Finansiële hulp aan studente wat hulle wil bekwaam om in sekondêre klasse onderrig te gee

Die geldelike hulp aan kleurlingstudente wat hulle aan 'n universiteit of 'n ander goedgekeurde inrigting wil bekwaam om in sekondêre klasse onderrig te gee, is dieselfde as dié vir blankes en word op dieselfde voorwaardes toegeken.

#### Bantoe-onderwys

1958 was die laaste jaar waarin hierdie Departement nog die Junior Sertifikaat-, die Senior Sertifikaat- en die Onderwysers- eksamens vir Bantoe-kandidate beheer het. Hierdie eksamens sal in die toekoms deur die Departement van Bantoe-onderwys self behartig word.

#### Vakansie- en Opfrissingskursusse

Die volgende kursusse is gehou:

- Eendagkursusse in Kuns aan die Zonnebloem- en Wesley- opleidingskole, en te Athlone;
- Intensiewe vyfdagkursusse aan die Kunssentrum, Wood- stock, die Kunssentrum vir kleurlingkinders, en te Robertson;
- 'n Vyfdagkursus in Liggaamlike Opvoeding aan die Wesley-opleidingskool vir leerkrigte in besit van die Hoër Primêre Sertifikaat in Liggaamlike Opvoeding;
- 'n Vyfdagkursus in Kleinkinderskoolmetodiek aan die Opleidingskool Athlone, Paarl;

- (e) 'n Driedagkursus vir onderwysers van Engels in laer en middelbare skole aan die Alexander Sinton-hoërskool, Athlone;
- (f) 'n Kursus vir Wetenskap-onderwysers wat in medewerking met die Departement van Onderwys deur die Universiteit van Stellenbosch gereël is.

#### *Salarisse*

Na aanleiding van die verbetering wat in die besoldiging van blanke onderwysers aangebring is, is 'n interprovinsiale komitee waarin die Staatsdienskommissie, die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Departement van Kleurlingsake verteenwoordig is, aangestel om gekonsolideerde salarisskale vir kleurlingonderwysers te oorweeg. Die komitee het op 24 November 1958 byeengekom. Verteenwoordigers van die nuutgestigte Suid-Afrikaanse Federasie van Onderwysersverenigings het voor hierdie komitee getuie afgele. Die komitee se verslag en aanbevelings sal aan die Uitvoerende Komitee voorgelê word en daar word verwag dat nuwe salarisskale vroeg volgende jaar aangekondig sal word.

### HOOFSTUK III

#### MEDIESE DIENS

##### *Personeel*

Die personeel, 'n mediese hoofinspekteur en 12 mediese inspekteurs, was op volle sterkte tot op 1 Maart, die datum waarop een mediese inspekteur met hoofkwartier te Port Elizabeth sy bedanking ingedien het. Hierdie pos was aan die end van die jaar nog nie gevul nie.

Twee skoolverpleegsters het gedurende die jaar bedank en een nuwe verpleegster is aangestel. Nege sodanige poste was aan die einde van die jaar vakant.

Die vakante pos van tandheelkundige inspekteur van skole met hoofkwartier te Kimberley is nog nie gevul nie en daar skyn min hoop te wees om die pos te vul tot tyd en wyl die salarisskaal aan die pos verbonde, verbeter word.

Mej. F. M. Classen het op 1 Januarie as departementele diëetkundige diens aanvaar. Geen geskikte aansoeke is tot dusver om die derde vakante pos ontvang nie.

##### *Mediese Inspeksie*

Die werk wat gedurende die jaar gedoen is, word in die volgende opsomming tabellaries aangegee:

	Blankes	Kleurlinge
Getal leerlinge deur mediese inspekteurs ondersoek:		
(a) Roetine-ondersoeke .. .. .	30,203	8,952
(b) Leerlinge spesiaal uitgekies .. .. .	14,072	4,648
(c) Herondersoeke .. .. .	8,439	3,368
Totaal .. .. .	52,714	16,968
Getal leerlinge deur verpleegsters ondersoek .. .. .		
Totaal .. .. .	82,256	84,256
Totaal .. .. .	134,970	101,224
	Blankes	Kleurlinge
Getal skole deur mediese inspekteurs besoek .. .. .	506	112
Huisbesoeke deur skoolverpleegsters afgele .. .. .	1,230	820
Lesings deur skoolverpleegsters gehou .. .. .	1,816	365

Uitvoerige statistiek in verband met mediese inspeksie word in bylaes Y, Z, AA en BB verstrek.

Die volgende ouderdomsgroepe is tydens roetine-inspeksie ondersoek:

- (a) Al die leerlinge wat in 1952 gebore is, en dié wat in 1951 en 1950 gebore is wat nie voorheen ondersoek kon word nie. Hierdie groep word in die statistiek as „jonger” leerlinge beskryf.
- (b) Al die leerlinge wat in 1943 gebore is, en dié wat in 1942 gebore is wat nie voorheen ondersoek kon word nie. Hierdie groep word in die statistiek as „ouer” leerlinge beskryf.

Uit die uitvoerige statistiek sal bemark word dat van die 8,526 seuns en 7,942 meisies wat in die jonger roetine-ouderdomsgroep ondersoek is, 1,401 of 16.4% van die seuns en 1,214 of 15.3% van die meisies onderskeidelik aan een of ander gebrek ly. Van die 7,138 seuns en 6,597 meisies in die ouer roetine-ouderdomsgroep het 2,071 of 28.9% seuns en 1,936 of 29.3% meisies 'n gebrek gehad. Van die totale getal 30,203 blanke leerlinge wat in die roetine-ouderdomsgroepe ondersoek is, het 6,622 of 21.9% aan gebreke gely.

Die syfers van toepassing op kleurlingkinders vir die jonger roetine-ouderdomsgroep is: 2,833 seuns ondersoek, 753 of 26.6% gebrekkig en 2,987 meisies ondersoek met 1,052 of 35.2% gebrekkig. In die ouer ouderdomsgroep is bevind dat 744 of 44.5% van die 1,676 seuns en 691 of 47.4% van die 1,456 meisies aan gebreke ly. Van altesaam 8,592 kleurlingkinders wat in die ouderdomsgroepe ondersoek is, het 3,240 of 36.2% gebreke gehad.

Die 14,072 blanke en 4,648 kleurlingleerlinge genoem „leerlinge spesiaal uitgekies”, is leerlinge wat nie binne die perke van die roetine-ouderdomsgroepe val nie, maar wat spesiaal deur die mediese inspekteurs, skoolverpleegsters, onderwysers of ouers vir ondersoek uitgesoek is, omdat vermoed word dat hulle aan 'n gebrek of gebreke ly. Die voorkomssyfer vir gebreke in hierdie groep was 29.2% en 41% onderskeidelik vir blankes en kleurlinge. Hierdie groep is buite rekening gelaat by die bepaling van die voorkomssyfer van gebreke in 'n steekproef van die skoolbevolking soos deur die ouderdomsgroepe verteenwoordig, daar hul insluiting sodanige voorkomssyfer oormatig sou laai.

Van die totale aantal blanke leerlinge wat gedurende die jaar ondersoek is, was 92.6% teen pokkies ingeënt. Die syfer van toepassing op kleurlingkinders is 89.4%.

Van die totale aantal blanke leerlinge wat deur mediese inspekteurs ondersoek is, was 154 of 0.34% met ongedierte besmet, terwyl 929 of 6.8% van die kleurlingleerlinge besmet was.

#### Behandeling

Gedurende die tydperk in oënskou, het die nasorg van leerlinge deur mediese inspekteurs en skoolverpleegsters getoon dat van die

13,323 blanke leerlinge wat tydens die vorige mediese inspeksie by hul skool vir behandeling aanbeveel is, 9,571 behandeling ontvang het. Van die 5,638 kleurlingleerlinge wat vir behandeling aanbeveel is, het 3,832 behandeling ontvang. Van die leerlinge wat vir behandeling aanbeveel was, is 8,439 blanke en 3,368 kleurlingleerlinge deur die mediese inspekteurs herondersoek. Ten opsigte van 1,863 blanke en 1,030 kleurlingleerlinge wat sedert die vorige mediese inspeksie skool verlaat het, was geen inligting beskikbaar nie; 1,889 blanke en 776 kleurlingleerlinge is nie behandel nie.

Die volgende tabel toon die getal leerlinge wat aangeraai is om behandeling te ondergaan, die aard van gebreke wat vir behandeling aanbeveel is en die getal en persentasie waarvoor inligting beskikbaar was en wat behandeling ontvang het:

#### BLANKES

Aard van gebreke	Getal aanbeveel	Getal waarvoor inligting beskikbaar was	Getal uit vorige groep wat behandel is	Persentasie behandel
Tande .. .. .	7,587	6,381	5,062	79.3
Neus en keel .. .. .	1,453	1,254	980	78.9
Oë .. .. .	2,542	2,252	1,969	87.4
Ore .. .. .	678	583	498	85.4
Ander toestande .. .. .	2,125	1,842	1,667	90.5

#### KLEURLINGE

Tande .. .. .	3,313	2,636	2,156	81.8
Neus en keel .. .. .	387	316	276	87.3
Oë .. .. .	573	493	437	88.6
Ore .. .. .	485	423	367	86.8
Ander toestande .. .. .	1,813	1,487	1,182	79.5

Tandheelkundige behandeling word nog deur die Departement se twee tandheelkundige inspekteurs, private tandartse en by die Kaapstadse Munisipale Tandheelkundige Kliniek verskaf.

Die volgende is 'n opsomming van die werk wat deur die tandheelkundige inspekteurs gedurende die jaar in oënskou gedoen is:

	Blankes	Kleurlinge
Getal leerlinge ondersoek .. .. .	8,161	1,361
Getal leerlinge behandel .. .. .	2,799	1,286
Getal tande getrek .. .. .	5,344	3,437
Getal tande gestop .. .. .	1,118	—
Getal voorbehoedsbehandelings .. .. .	152	18

Statistiek ten opsigte van tandheelkundige behandeling wat by die Kaapstadse Munisipale Tandheelkundige Kliniek en deur private tandartse verskaf is, word in bylae Y aangegee.

Oogheelkundige behandeling is verskaf by die Departementele Oogkliniek te Vasco, die Kaapstadse Munisipale Oogkliniek, die onderskeie provinsiale hospitale waar die dienste van oogartse beskikbaar was en deur oogartse wat sekere skoolraadsgebiede in plattelandse streke besoek het.

Die volgende tabel toon besonderhede van die werk wat by die Vasose Oogheelkundige Kliniek gedoen is:

	Blankes	Kleurlinge
Getal eerste behandelings .. .. .	149	116
Totale getal konsultasies (ingesluitende eerste behandelings .. .. .)	274	220
Getal brille verskaf .. .. .	164	144

Rondreise wat 5 skoolraadsgebiede omvat, is deur oogartse onderneem en hulle het altesame 70 blanke en 12 kleurlingleerlinge behandel.

Statistiek ten opsigte van werk wat by die Kaapstadse Munisipale Oogkliniek gedoen is, word in bylae Y gegee.

#### *Departementele Dieetkundiges*

Die dieetkundiges het 133 koshuise gedurende die jaar besoek. Die hoop is gekoester dat, met die aanstelling van 'n tweede dieetkundige aan die begin van die jaar, die kort kursusse vir matrones hervat sou kon word. Dit was ongelukkig nie moontlik nie daar een van die dieetkundiges gedurende die jaar met ses maande verlof was. Baie aansoeke om die hou van hierdie kursusse, wat baie waardevol blyk te wees, word ontvang. Die kursusse sal gedurende 1959 hervat word wanneer beide dieetkundiges beskikbaar sal wees.

Die dieetkundiges doen verslag dat meer belangstelling in die dieet van leerlinge in koshuise getoon word. Matrones doen hul bes om 'n goeie gehalte te handhaaf, maar baie kla nog steeds dat hulle deur gebrek aan voldoende fondse aan bande gelê word en aan nie meer as die minimumvereistes van die Departement kan voldoen nie. Die komitees van koshuise wat in die Kalahari, Noord-Weste en ander afgesonderde streke geleë is, doen eindelose moeite om voldoende vars vrugte en groente te bekom, in teenstelling met koshuise wat in die vrugte-produiserende streke geleë is.

In baie gevalle is die maaltye wat saans verskaf word nog nie voldoende vir groeiende kinders nie, ten spyte van gedurige aanmoediging en die advies wat verskaf word.

Die uitrusting, soos breekgoed en ander tafelgereedskap, het by die meeste inrigtings gedurende die afgelope paar jaar baie verbeter. Vlekvrye staaltafelgereedskap, vleis- en groenteskottels word nou aangekoop.

Dit is egter teleurstellend dat in etlike koshuise die tafels nie behoorlik gedek word nie. Dit word as 'n belangrike aspek van die opvoeding van die kind in die koshuis beskou.

Heelwat verbeterings is in die beplanning van kombuise van koshuise wat gedurende die jaar gebou is, aangebring. Veel kan nog in hierdie rigting gedoen word.

As gevolg van die baie ander beskikbare betrekkings met goeie besoldiging, word dit al hoe moeiliker om assistent-matrones te verkry. Daar word vertrou dat die hersiene salarisskaal vir assistent-matrones mettertyd hierdie probleem sal oplos.



## HOOFSTUK IV

### ALGEMEEN

#### A. ADMINISTRASIE

Gedurende die jaar onder bespreking het 'n Staatsdiensinspekteur, op versoek van die Departement, die personeelstand soos dit in sekere afdelings voorkom, ondersoek en is 'n gevolglike verbetering in die personeelstand aan hoofkantoor aangebring deur die skepping van 'n addisionele pos en die hergradering van 'n ander pos in die klerklike afdeling.

Belangrike veranderings ten opsigte van die administratiewe en professionele personeel aan hoofkantoor het in die loop van 1958 plaasgevind. Mnr. J. H. Bonthuys is met bevordering oorgeplaas na die pos van Onder-sekretaris, Algemene Administrasie, aan die Sekretariaat van die Administrasie en Mnr. S. K. Lotz is bevorder om Mnr. Bonthuys as Sekretaris van die Departement op te volg. Mnr. D. J. Liebenberg is aangestel as Adjunk-Superintendent-generaal van Onderwys as opvolger van Dr. F. P. Stander wat afgetree het by bereiking van die ouderdomsgrens. Mnr. J. D. Möhr is met bevordering oorgeplaas na die pos van Adjunk-Direkteur van Onderwys, Suidwes-Afrika-administrasie, terwyl Dr. E. L. G. Schnell en Mnr. P. J. Rossouw aangestel is as Hoofinspekteurs van Skole. Mnr. S. W. Coetzee is bevorder tot die pos van Assistent-sekretaris en Mnr. J. F. Lighton tot die pos van Administratiewe Beheerbeampte. Mnr. C. B. Ritter is bevorder tot die pos van Administratiewe Beampte.

'n Vermeerdering in die getal poste op die diensstaat van die inspektoraat is ook aangebring. Ses addisionele poste van Inspekteur van Skole is geskep asook twee addisionele poste, een van Organiseerder van Kleinkinderskoolmetodiek en een van Organiseerder van Handarbeid.

'n Aantal veranderings het in die inspeksiepersoneel plaasgevind. Mnre. B. C. Gordon en D. M. du Preez is aangestel as Inspekteurs van Skole. Mnr. N. J. le Roux, Inspekteur van Skole, het afgetree by bereiking van die ouderdomsgrens terwyl Dr. J. F. Tolmie, Mediese Inspekteur van Skole, sy betrekking neergelê het.

Dr. H. M. Daleboudt, Mnr. T. G. Walters en Mnr. J. J. Enslin is aangestel as Organiseerders van Oudio-visuele Onderwys, Kuns en Musiek respektiewelik. Mej. F. M. Claassen is aangestel as Dieetkundige en Mnr. J. P. Strydom as Skoolvoortligtingsbeampte.

Mej. E. H. Olivier, Organiseerder van Kleinkinderskoolmetodiek, het haar betrekking neergelê weens haar huwelik.

Aan dié wat nou die diens van die Departement verlaat het, wil ek graag my waardering betuig vir die waardevolle dienste wat hulle gelewer het.

#### B. FINANSIES

Gedurende die boekjaar wat op 31 Maart 1958 geëindig het, het die uitgawe aan onderwysdienste, met uitsluiting van rente- en delgingskoste op £18,133,369 te staan gekom. Besonderhede omtrent die uitgawe onder die vernaamste hoofde tesame met die uitgawe in 1956—1957 word hieronder verstrek:

	1957-58 £	1956-57 £
<i>Blanke Onderwys</i>		
Administrasie .. .. .	115,274	119,205
Skoolrade en -komitees .. .. .	202,330	193,796
Skoolinspeksie .. .. .	105,419	106,689
Mediese inspeksie .. .. .	83,056	80,068
Opleiding van leerkragte .. .. .	306,688	297,388
Sekondêre onderwys .. .. .	2,009,910	1,929,142
Primêre onderwys .. .. .	4,032,708	3,963,652
Gesamentlike primêre en sekondêre onderwys .. .. .	2,555,684	2,542,574
Klein werke .. .. .	838,568	718,329
Landbou-onderwys .. .. .	110,524	99,461
Vakansiebesparingsbonus .. .. .	307,622	293,255
Algemeen .. .. .	1,701,923	1,649,112
<b>Blanke Onderwys .. .. .</b>	<b>12,369,706</b>	<b>11,992,671</b>
<i>Kleurlingonderwys</i>		
Opleiding van leerkragte .. .. .	122,984	128,434
Sekondêre, primêre en gesamentlike .. .. .	5,218,286	4,971,958
Vakansiebesparingsbonus .. .. .	165,867	157,301
Algemeen .. .. .	256,526	242,115
<b>Kleurlingonderwys .. .. .</b>	<b>5,763,663</b>	<b>5,499,808</b>
<b>Totaal .. .. .</b>	<b>18,133,369</b>	<b>17,492,479</b>

Die vermeerdering van £640,890 is hoofsaaklik toe te skrywe aan die vermeerderde uitgawe aan die aanstelling van addisionele leerkragte om die vermeerderde inskrywing aan skole te dek; die resultaat van verbeterde salarisskale vir kleurlingonderwysers; 'n vermeerdering in die £-vir-£-bydraes tot die pensioenfondse vir onderwysers; 'n vermeerdering in die uitgawe aan die aankoop van skoolmeubels en -uitrusting, boeke en skoolmateriaal weens 'n toename in inskrywing en 'n styging in pryse; en bykomende uitgawe aan klein werke.

Die vermeerderde uitgawe ten opsigte van hoofdelike toelaes is hoofsaaklik toe te skrywe aan die volgende:

- (i) Die subsidie ten opsigte van die salarisse van die personeel aan ondersteunde koshuise is vanaf 1 Januarie 1957 afgeskaf, en is vanaf daardie datum by die hoofdelike toelaes ingelyf.
- (ii) Voor 1 Januarie 1957 is hoofdelike toelaes betaal ten opsigte van behoeftige leerlinge wat nog nie die agste standerd geslaag het nie en nog nie die ouderdom van sestien jaar bereik het nie. Die leerlinge in standers IX en X het losiesbeurse ontvang. Vanaf 1 Januarie 1957 het leerlinge in standers IX en X ook hoofdelike toelaes ontvang, en nie meer losiesbeurse nie. Die uitgawe aan hoofdelike toelaes het gevolglik vermeerder terwyl die voorsiening vir losiesbeurse verminder het.

Daar was ook 'n vermeerdering in die uitgawe ten opsigte van huurtoelaes. Voor 1 Januarie 1957 het private koshuise vir betalende leerlinge 'n huurtoelae van ongeveer 3% op die koste van die oprigting van die geboue ontvang, terwyl in gevalle waar hierdie koshuise bestuur is op persele wat aan die Administrasie behoort, huurgeld van 5% van die losiesgelde aan die Administrasie betaal moes word. Vanaf 1 Januarie 1957 het hierdie koshuise 'n huurtoelae op dieselfde basis as dié van toepassing op Goeie Hoop-losiesdepartemente ontvang, nl. naasteby 8% van die koste aan die oprigting, ten opsigte van persele wat nie aan die Administrasie behoort nie terwyl koshuise wat bestuur word in geboue wat aan die Administrasie behoort, die geboue huurvry gebruik.

#### BRUTO-KOSTE PER LEERLING

Jaar	Blankes		Kleurlinge	
	Inskrywing	Bywoning	Inskrywing	Bywoning
1954-55	£ 57 2 6	£ 60 11 1	£ 21 17 3	£ 24 11 3
1955-56	59 16 6	63 11 8	23 8 3	26 1 1
1956-57	60 13 3	64 6 1	23 19 9	26 11 7
1957-58	62 11 8	66 19 4	24 9 10	27 10 5

#### NETTO-KOSTE PER LEERLING

1954-55	55 10 3	58 16 10	21 12 0	24 5 4
1955-56	58 1 4	61 14 4	23 2 1	25 14 3
1956-57	58 17 7	62 7 5	23 14 0	26 5 3
1957-58	60 16 8	65 1 11	24 3 9	27 3 7

#### Inkomste

Die inkomste wat uit onderwysbronne verkry is, is as volg:

	1957-58	1956-57
Skoolgelde (insluitende musiek en opleiding)	158,220	148,548
Losiesgelde (insluitende opleiding) .. ..	321,969	319,464
Verkoopbare benodigdhede .. .. .	189,352	180,055
Eksamengelde .. .. .	37,395	36,398
Huurgeld .. .. .	17,976	30,241
Landbouskole .. .. .	40,258	29,616
Diverse onderwysontvangste .. .. .	13,286	20,950
Totaal .. .. .	£778,456	£765,272

Die vermeerdering in die inkomste uit skoolgelde is toe te skrywe aan 'n vermeerdering in die inskrywing aan skole waar skoolgelde betaalbaar is en die verhoogde inkomste van losiesgelde is toe te skrywe aan 'n vermeerdering in die getal loseerders. Die bedrag vir verkoopbare benodigdhede het gestyg as gevolg van hoër pryse tesame met 'n styging in die skoolinskrywing. Daar was ook 'n styging in die getal kandidate wat die Departemente eksamens afgelê het met 'n gevolglike vermeerdering in die inkomste uit eksamengelde. Verhoogde inkomste is verkry uit die verkoop van landbouprodukte as gevolg van die styging in die pryse van hierdie artikels. Die bronne van inkomste ten opsigte van algemene onderwysontvangste wissel aansienlik van jaar tot jaar.

#### Rente en Delging

Rente- en delgingskoste op lenings aangegaan vir die oprigting van skool- en koshuisegeboue het van £757,599 in 1956-57 tot £858,762 in 1957-58 gestyg. Dit kan aan sowel die hoër boukoste as aan groter boubedrywigheid toegeskryf word. Laasgenoemde syfer verteenwoordig die hoogste bedrag wat in enige boekjaar aangeteken is.

#### C. SKOOLGEBOU

Vir die jaar wat op 31 Maart 1958 geëindig het, was die totale bedrag aan kapitaaluitgawe aan skoolgeboue £1,901,139 19s. 3d. in vergelyking met die hoogste uitgawe tot datum van £1,914,157 13s. 2d. vir die jaar wat op 31 Maart 1957 geëindig het.

Ten spyte van vinnige vordering wat gemaak is in die voorsiening van skool- en koshuisbehuising, was die behoefte aan addisionele behuising nog steeds so groot soos altyd. Die Departement het derhalwe, hoewel hy nie ten gunste van monteerskoolgeboue is nie, geen ander uitweg gehad as om toe te stem dat behuising van hierdie aard opgerig word in gevalle waar skole nie vir die oprigting van permanente behuising kon wag nie.

'n Lys van nuwe geboue, grondtoekennings en aankoop van persele verskyn in bylaes B, C, D, E en F.

In ooreenstemming met die gebruik in vorige jare, word besonderhede van die kapitaaluitgawe aan skoolgeboue sedert 1913-14 en van die rente- en delgingskoste gedurende die afgelope ses jaar hieronder verstrek.

TABEL I  
KAPITAALUITGAWE AAN SKOOLGEBOUW SEDERT  
1913-14

Uitgawe vir:	£	s.	d.
1913-14 .. ..	205,711	12	5
1914-15 .. ..	189,273	9	0
1915-16 .. ..	110,806	0	10
1916-17 .. ..	205,095	0	0
1917-18 .. ..	236,483	0	0
1918-19 .. ..	213,809	5	1
1919-20 .. ..	182,503	0	0
1920-21 .. ..	236,053	1	3
1921-22 .. ..	161,493	11	10
1922-23 .. ..	104,993	7	4
1923-24 .. ..	104,551	4	2
1924-25 .. ..	137,412	8	1
1925-26 .. ..	178,316	5	5
1926-27 .. ..	150,003	17	6
1927-28 .. ..	183,645	4	10
1928-29 .. ..	176,360	2	4
1929-30 .. ..	215,866	13	3
1930-31 .. ..	168,188	12	7
1931-32 .. ..	222,192	19	10
1932-33 .. ..	77,180	12	2
1933-34 .. ..	56,897	13	3
1934-35 .. ..	101,861	15	7
1935-36 .. ..	148,997	5	3
1936-37 .. ..	208,850	1	6
1937-38 .. ..	200,212	2	8
1938-39 .. ..	200,879	17	2
1939-40 .. ..	230,805	12	4
1940-41 .. ..	283,707	11	8
1941-42 .. ..	164,443	19	5
1942-43 .. ..	291,180	1	0
1943-44 .. ..	127,234	8	4
1944-45 .. ..	179,978	7	2
1945-46 .. ..	278,110	19	8
1946-47 .. ..	475,923	13	2
1947-48 .. ..	626,820	1	5
1948-49 .. ..	725,561	13	3
1949-50 .. ..	853,069	13	4
1950-51 .. ..	887,617	12	4
1951-52 .. ..	991,467	0	0
1952-53 .. ..	1,740,492	0	0
1953-54 .. ..	1,419,935	10	3
1954-55 .. ..	1,073,967	11	4
1955-56 .. ..	1,674,314	7	7
1956-57 .. ..	1,914,157	13	2
1957-58 .. ..	1,901,139	19	3
	<hr/>		
	£20,219,565	18	1

TABEL II  
RENTE EN AFLOSSING OP LENINGS VAN DIE UNIE-REGERING  
VIR SKOOLGEBOUW

Uitgawe vir:	£	s.	d.
1951-52 .. ..	408,861	0	0
1952-53 .. ..	454,213	0	0
1953-54 .. ..	520,409	6	3
1954-55 .. ..	616,613	6	10
1955-56 .. ..	681,097	4	6
1956-57 .. ..	757,598	15	0
1957-58 .. ..	858,762	5	3

**PERSONEEL (1 Januarie 1959)**

SUPERINTENDENT-GENERAAL VAN  
ONDERWYS .. .. . J. G. Meiring, B.Sc., B.Ed., Ph.D.

Adjunk - Superintendent - generaal van  
Onderwys .. .. . D. J. Liebenberg, M.A., B.Ed.  
Sekretaris .. .. . S. K. Lotz, B.Comm.  
Assistent-Sekretaris .. .. . S. W. Coetzee, B.Econ.  
Administratiewe Berheerbeampte .. J. F. Lighton  
Eerste Administratiewe Beamptes .. J. de Villiers  
Een Vakante pos

*Afdeling Eksamens*

Eerste Administratiewe Beampte (Ek-  
samenbeampte) .. .. . G. W. Meister, B.A.  
Senior Administratiewe Beampte .. G. R. O'Bree, B.A.  
Administratiewe Beampte .. .. . J. A. le Roux

*Afdeling Publikasies en Statistiek*

Senior Administratiewe Beampte .. E. J. S. Birch, B.A.  
Administratiewe Beampte .. .. . J. M. Steenkamp, B.A.

*Afdeling Losies en Vervoer*

Senior Administratiewe Beampte .. C. J. Griffiths  
Administratiewe Beampte .. .. . P. J. le Roux  
Administratiewe Beampte .. .. . W. A. J. Pretorius, B.Econ.

*Afdeling Blanke Skole*

Senior Administratiewe Beampte .. P. J. le Grange  
Administratiewe Beamptes .. .. . A. C. T. Bluhm  
C. B. Ritter

*Afdeling Kleurlingskole*

Senior Administratiewe Beampte .. D. G. Joubert, B.A.  
Administratiewe Beampte .. .. . J. L. du Plessis

*Afdeling Geboue*

Administratiewe Beampte .. .. . D. H. Morris, B.Comm.

*Afdeling Benodigdhede*

Administratiewe Beampte .. .. . J. J. H. Blomerus

*Algemene en Personeelafdeling*

Administratiewe Beampte .. .. . B. H. T. Heydenrych

## VERTAALSTER

Mej. R. P. de Klerk, B.A.

## HOOFINSPEKTEURS VAN SKOLE

P. J. Rossouw, B.A.  
E. L. G. Schnell, M.A. B.Ed., Ph.D.

## MEDISE HOOFINSPEKTEUR VAN SKOLE

L. v. D. Cilliers, M.D.

## INSPEKTEURS VAN SKOLE

I. J. M. Archer, M.Sc.  
F. H. Badenhorst, B.Sc., M.Ed.  
W. E. Barker, M.Sc.  
P. B. A. Beukes, B.Sc., B.Ed.  
G. H. M. Bobbins, M.A., Ph.D.  
G. H. P. de Bruin, B.A.  
P. W. de Bruin, B.A., B.Ed.  
A. K. de Jager, M.A., M.Ed.  
J. B. de Jager, B.Sc., M.Ed.  
M. M. de Jongh, B.A., B.Ed.  
W. McD. Dodds, B.Sc.  
J. J. Dreyer, M.Sc.  
D. J. du Plessis, B.A., M.Ed.  
D. M. du Preez, B.A., M.Ed.  
B. C. Gordon, M.A.  
J. J. G. Grobbelaar, M.A., Ph.D.  
C. J. Grové, B.A., B.Ed.  
M. J. Jooste, B.Sc. (Landbou)  
J. D. le Roux, B.A.  
A. D. Lückhoff, M.Sc.  
T. F. T. Malherbe, M.Sc., M.A.  
L. V. Möhr, B.Sc., M.Ed.  
J. G. Perry, M.A.  
B. Rode, B.Sc., B.Ed.  
D. J. Rossouw, B.A.  
R. J. C. Sahlertz, M.A., B.Ed.  
N. Sieberhagen, M.A., Ph.D.  
G. J. J. Smit, M.A., B.Ed.  
B. Strydom, B.Sc.  
I. S. Terblanche, M.A., M.Ed.  
S. Theron, B.Sc.  
N. J. Uys, M.A., M.Ed.  
J. F. van der Merwe, B.A., M.Ed.  
J. H. J. van der Merwe, M.Sc.  
J. L. van der Walt, M.A., M.Ed.  
C. S. van der Westhuizen, B.A., B.Ed., Ph.D.  
J. C. van der Westhuizen, M.A., B.Ed.  
W. S. van der Westhuizen, M.A., D.Ed.  
J. C. J. van Vuuren, B.A., D.Ed.  
C. R. Venter, B.Sc., M.Ed.  
G. J. Venter, B.A.  
A. Vlok, B.A.  
H. S. H. Weich, B.Sc., B.A., B.Ed.  
M. M. Wiggett, B.Sc.

## AFLOSINSPEKTEURS VAN SKOLE

H. Liebenberg, B.A.

N. B. Dreyer, B.A.

## INSPEKTEURS VAN SKOOLKOSHUISE

H. H. Nel, B.A.

G. J. Oberholster, B.A.

J. A. Stofberg, B.A., B.Ed.

## ORGANISEERDERS VAN SPESIALE VAKKE

### *Landbou*

S. J. G. Hofmeyr, M.Sc., Ph.D.

### *Huishoudkunde*

Mej. G. F. B. Rose

Mej. J. H. Steyn

Mej. M. S. E. van Niekerk

### *Teken en Kuns*

Mej. A. M. Hugo

Mej. V. M. Searle

L. B. J. van Rensburg

S. S. van Rensburg

T. G. Walters

## *Kleinkinderskoolmetodiek*

Mej. A. Ball

Mej. F. Grobler

Mej. S. I. la Grange

Mev. H. J. Nel

Mej. R. E. Nel

Mej. A. S. Scholtz

## *Handearbeid*

W. de la H. Bellingan

J. J. Brand

P. J. Heyns

J. v. d. S. Uys, B.A., B.Ed.

W. H. van der Westhuizen, B.A.

## *Musiek*

Mej. H. S. Anders

J. J. Enslin

J. MacLachlan

J. G. Vermaak

## *Naaldwerk*

Mev. G. A. Botha

Mej. C. H. Britz

Mev. R. C. de Jager

Mej. W. A. Louw

Mev. M. van Niekerk

## *Liggaamlike Opvoeding*

J. J. Schoombie, B.A.

H. J. Taylor, M.A.

Mej. F. M. Maskew

Mej. M. Warren

## *Handelsvakke*

S. Kühn, B.Comm., B.Ed.

## *Audio-visuele Onderwys*

H. M. Daleboudt, B.A., D.Ed.

## *Skoolbiblioteke*

C. H. Vermeulen, B.A.

## MEDIËSE INSPEKTEURS VAN SKOLE

A. H. Bischoff, M.B., Ch.B., D.C.H.

P. Glatt, M.B., Ch.B., D.P.H.

W. C. Heunis, L.M.S.S.A. (Lon.)

R. C. Jurgens, B.A., M.B., Ch.B., D.P.H.

S. B. Lange, M.R.C.S.

J. P. Liebenberg, M.B., Ch.B.

M. A. Lombard, M.B., Ch.B., D.P.H.

M. S. Marchand, M.B., Ch.B.

N. van der Merwe, M.B., Ch.B., D.C.H.

R. J. van der Spuy, M.B., Ch.B.

E. J. Voigt, M.B., Ch.B.

Een Vakante pos

## TANDHEELKUNDIGE INSPEKTEURS VAN SKOLE

J. R. King, L.D.S.

B. S. E. Roux, L.D.S.

Een Vakante Pos

## DIEETKUNDIGES

Mej. F. M. Claassen

Mej. H. H. Robertson

Een Vakante pos

## HOOFSKOOLVERPLEEGSTER

Mej. C. A. Besbier

## SKOOLVERPLEEGSTERS

Mev. A. V. R. Buchanan

Mej. E. Burger

Mej. A. S. L. de Beer

Mej. H. A. de Kock  
 Mej. P. Erasmus  
 Mej. A. J. E. Hoencamp  
 Mej. V. C. Jacobs  
 Mej. A. M. Kirby  
 Mej. E. P. Klonus  
 Mej. E. A. Kromberg  
 Mej. M. J. Lategan  
 Mej. A. E. Laubscher  
 Mev. M. C. McMillan  
 Mej. R. G. McGregor  
 Mej. E. M. Meyer  
 Mej. H. Prins  
 Mej. E. S. Ras  
 Mej. J. S. Roelofse  
 Mej. S. J. Röhm  
 Mej. M. R. Sargent  
 Mej. C. T. Schouw  
 Mej. J. E. M. Schultz  
 Mej. A. J. J. Smuts  
 Mev. J. M. Snell  
 Mev. M. M. Terblanche  
 Mej. A. D. van der Spuy  
 Mej. H. D. de M. van Eeden  
 Mej. H. P. van Jaarsveld  
 Mej. A. J. S. van Rooyen  
 Mej. G. M. P. van Zyl  
 Mev. W. Venter  
 Mej. A. F. Wainwright  
 Mej. A. H. Wyrdean

DEPARTEMENTELE PSIGOLOOG  
 N. J. du Preez, B.A., Ph. D.

DEPARTEMENTELE ASSISTENT-PSIGOLOOG  
 N. J. Heyns, B.A., D.Ed.

ORGANISEERDERS VAN SPESIALE KLASSE EN SKOOLVOORLIG-  
 TING  
 N. H. Bernard, B.A., M.Ed.  
 F. J. Loots, M.A.  
 Mej. M. J. M. Marais, B.A.  
 E. G. Mesk, B.A.  
 P. v. A. van der Spuy, B.Sc. B.Ed.  
 W. J. C. Visser, B.A., M.Ed.

ORGANISEERSTER VAN KLASSE VIR HARDHORENDES EN  
 SPRAAKGEBREKKIGES  
 Mej. B. K. Williams

LEKTORE IN MAATSKAPLIKE GESONDHEIDSLEER  
 Twee Vakante poste

SKOOLVOORLIGTERS  
 E. L. Conradie, B.A.  
 A. du Preez, B.A.  
 D. J. du Toit, B.A.  
 Mej. J. D. Fleck, M.A.  
 W. C. Gericke  
 S. J. Heunis, B.Sc., B.Ed.  
 J. Kemp, M.A., M.Ed.  
 M. A. Muller, B.A.  
 J. H. L. Nel, B.Sc., M.Ed.  
 J. C. Neethling, B.A.  
 H. T. Pretorius, B.A., M.Ed.  
 Mej. L. E. A. Putterill, B.A.  
 C. J. Reyneke, M.A., M.Ed.  
 J. P. Strydom, M.A.  
 T. A. Janse van Vuuren, B.A.  
 E. R. Ward, B.A.

NUWE SKOOLGEBOU EN UITBREIDINGS

Afdeling	Skool	Aard van Werk
Albanie	.. Hoër Meisies, Victoria Koshuis ..	.. Nuwe gebou
Albert	.. Hoër, Burgersdorp Skoolkoshuis ..	.. Nuwe gebou
Aliwal-Noord	.. Hoër, Jamestown ..	.. Uitbreidings
Barkly-Oos	.. Hoër, Barkly Oos, Skool en Seunskoshuis	.. Uitbreidings
Bredasdorp	.. Laer ..	.. Uitbreidings
Caledon	.. Hoër, Grabouw ..	.. Uitbreidings
Calvinia	.. Hoër, Seunskoshuis ..	.. Nuwe gebou
Carnarvon	.. Hoër, Skoolkoshuis ..	.. Nuwe gebou
Ceres	.. Laer, Gericke ..	.. Uitbreidings
Cradock	.. Hoër Meisies, Rocklands, Skoolkoshuis	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër Meisies, Rocklands ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër Meisies, Rocklands ..	.. Saal
De Aar	.. Hoër ..	.. Uitbreidings
do.	.. Laer ..	.. Swembad
Elliot	.. Hoër, Skoolkoshuis ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Hoër, Skoolkoshuis ..	.. Uitbreidings
Engobo	.. Middelbare, Skool en Koshuis ..	.. Uitbreidings
Fort Beaufort	.. Hoër, Adelaide, Skoolkoshuis ..	.. Nuwe gebou
Franschhoek	.. Laer, Kleurling ..	.. Uitbreidings
George	.. Laer, Olifantshoek ..	.. Uitbreidings
Gordonia	.. Groblershoop, Skoolkoshuis ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër, Karos-Cannon Skoolkoshuis	.. Uitbreidings en hernuwings
Graaff-Reinet	.. Hoër, Volks ..	.. Saal
do.	.. Laer, Volks ..	.. Uitbreidings
Herbert	.. Hoër, Douglas ..	.. Uitbreidings
Humansdorp	.. Hoër, Kareedouw ..	.. Uitbreidings
Indwe	.. Hoër, Skoolkoshuis ..	.. Nuwe gebou
Jansenville	.. Hoër, Skoolkoshuis ..	.. Nuwe gebou
Kaap	.. Hoër, Kleurling, Athlone ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Laer Kleurling, Bokmakirie ..	.. Uitbreidings
do.	.. Laer, Bergvliet no. 1 ..	.. Uitbreidings
do.	.. Laer, Bergvliet ..	.. Saal
do.	.. Opleidingskollege, Kaapstad ..	.. Uitbreidings
do.	.. Opleidingskollege, Kaapstad ..	.. Swembad
do.	.. Laer Meisies, Claremont ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Laer Kleurling, Constantia ..	.. Uitbreidings
do.	.. Middelbare, Vishoek ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Voorbereidende, Lansdowne ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër, Maitland ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër, Meisies, Observatory ..	.. Uitbreidings
do.	.. Laer, Plumstead ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër Seuns, Rondebosch ..	.. Nuwe Garage
do.	.. Hoër Meisies, Rustenburg, Skoolkoshuis	.. Uitbreidings
do.	.. Laer, Sunlands ..	.. Uitbreidings
do.	.. Middelbare Kleurling, Suffolkstraat ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër Kleurling, Trafalgar ..	.. Uitbreidings
do.	.. Laer Kleurling, Welcome-landgoed ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër, Westerford ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Voorbereidende Kleurling, Windemere ..	.. Uitbreidings
do.	.. Laer Seuns, Woodstock ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër, Ysterplaat ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër, Zwaanswyk ..	.. Uitbreidings
Kimberley	.. Middelbare Kleurling, Floors ..	.. Nuwe gebou
Kuruman	.. Hoër Deben, Skoolkoshuis ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Hoër Meisies, Olifantshoek Skoolkoshuis	.. Nuwe gebou
Malmesbury	.. Huis van Imhoff ..	.. Uitbreidings
do.	.. Laer Swartland Skoolkoshuis (Huis Bas- son)	.. Uitbreidings en veranderings
Middelburg	.. Hoër, Skoolkoshuis ..	.. Nuwe gebou
Mosselbaai	.. Herberdsdale Koshuis ..	.. Garage
Murraysburg	.. Hoër ..	.. Uitbreidings

Oos-Londen	.. Laer Meisies .. ..	.. Saal
do.	.. Laer Southernwood .. ..	.. Uitbreidings en veranderinge
Oudtshoorn	.. Hoër Meisies Skoolkoshuis .. ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Opvoedkundige geboue .. ..	.. Water-rioolstelsel
Paarl	.. Hoër Meisies, La Rochelle .. ..	.. Uitbreidings en Saal
do.	.. Laer Seuns .. ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër Kleurling .. ..	.. Nuwe latrines
do.	.. Hoër Meisies .. ..	.. Uitbreidings en Saal
Parow	.. Laer Kleurling, Avonwood .. ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Hoër Bellville .. ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër Durbanville .. ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër Kleurling, Elsiesrivier .. ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Hoër J. J. du Preez .. ..	.. Uitbreidings en vergroting van Saal
do.	.. Hoër, Tygerberg .. ..	.. Uitbreidings
Piketberg	.. Hoër Skoolkoshuis .. ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Middelbare Redelinghuis Skoolkoshuis .. ..	.. Uitbreidings
Port Elizabeth	.. Laer Kleurling, Dietrich .. ..	.. Uitbreidings
do.	.. Laer Kleurling, Frank Joubert .. ..	.. Uitbreidings
do.	.. Laer, Lorraine .. ..	.. Uitbreidings
Queenstown	.. Voorbereidende, Southbourne .. ..	.. Nuwe gebou
Riversdale	.. Hoër, Langenhoven .. ..	.. Saal
do.	.. Hoër Landbou, Oakdale, Skoolkoshuis .. ..	.. Nuwe gebou
Stellenbosch	.. Laer, A. F. Louw .. ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Laer Somerset-Wes .. ..	.. Uitbreidings
Steytlerville	.. Hoër, Karel du Toit, Skoolkoshuis .. ..	.. Nuwe gebou
Stutterheim	.. Hoër .. ..	.. Uitbreidings
Tulbagh	.. Laer Kleurling, Wolseley .. ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Hoër, Wolseley, Skoolkoshuis .. ..	.. Uitbreidings
Uitenhage	.. Hoër, Despatch .. ..	.. Saal en Kleedkamers
do.	.. Laer, Sonop .. ..	.. Nuwe gebou
do.	.. Omskepping van die Queen Mary Hospitaal in 'n Spesiale Middelbare Skool	
do.	.. Middelbare, Sondagsrivier .. ..	.. Saal
do.	.. Laer, Susannah Fourie .. ..	.. Uitbreidings
do.	.. Laer, Winterberg .. ..	.. Nuwe gebou
Uniondale	.. Hoër, McLachlan, Joubertina .. ..	.. Uitbreidings
do.	.. Hoër .. ..	.. Uitbreidings
Victoria-Wes	.. Laer, Hutchinson .. ..	.. Uitbreidings en onderwyserswoning
do.	.. Hoër .. ..	.. Uitbreidings
Worcester	.. Laer, Worcester-noord .. ..	.. Nuwe gebou

## PARLEMENTÊRE TOEKENNING VAN SKOOLTERREINE

Skoolraad	Skool	Oppervlakte		
		Morg	Vk. Roede	Vk. Voet
Beaufort-wes	Laer, Nelspoort ..	2-0198	—	—
Gordonia	Laer, Wegdraai ..	—	—	68,573
Hopefield	Laer, Langebaanweg ..	3-2599	—	—
Vaalhartz	Hoër, Hartswater ..	4-0000	—	64,000
Vanrhynsdorp	Laer, Doornbaai ..	1-3207	—	—

## TOEKENNING VAN SKOOLTERREINE KRAGTENS DIE ORDONNANSIE OP DORPE

Skoolraad	Dorpsgebied	Oppervlakte		
		Morg	Vk. Roede	Vk. Voet
Bredasdorp	L'Agulhas Uitb. no 7 ..	5-3504	—	—
Kaap	Brighton Landgoed Uitb. no 4 ..	5-2437	—	—
do.	Athlone Uitb. no. 2 ..	—	—	105,390
King Williams Town	King Williams Town Uitb. no. 11 ..	2-3647	—	—
Oos-Londen	Winterstrand ..	1-8876	—	—
Parow	Bellville Uitb. no. 6 ..	1-9486	—	—
Piketberg	Piketberg no. 5 ..	—	—	66,827
Port Elizabeth	Algoa Park ..	2-0080	—	—
do.	Woolhope-wes ..	5-5326	—	—
do.	Amsterdamhoek Uitb. no. 2 ..	2-6270	—	—
do.	Sunridge Park Uitb. no. 2 ..	2-0323	—	—
do.	Thes Ecombe ..	2-3132	—	—
do.	Fernglen ..	2-9086	—	—
do.	Fernglen ..	6-2664	—	—
do.	Cotswold Uitb. no. 2 ..	1-9213	—	—
do.	Cotswold Uitb. no. 2 ..	2-6050	—	—
Uitenhage	Despatch Uitb. no 43 ..	2-0602	—	—
do.	Despatch Uitb. no. 2 ..	—	—	9,037

BYLAE E

TOEKENNING VAN GROND VIR SKOOLGEBRUIK

Skoolraad	Skool	Oppervlakte			Skenker
		Morg	Vk. Roede	Vk. Voet	
Aberdeen ..	Hoër ..	6.0540	—	—	N.G. Kerk
Albanie ..	Middelbare Kleurling Grahamstown	5.7596	—	—	Munisipaliteit
Beaufort-wes	Hoër, Sentraal	6.7235	—	—	Munisipaliteit
Caledon ..	Hoër, Koshuis	—	—	1,161	Escom
do.	Meisies Koshuis Overberg ..	1.8553	—	—	Munisipaliteit
Colesberg ..	Hoër, D. M. Pretorius ..	—	—	17,077	Munisipaliteit
Franshoek	Laer Kleurling	—	—	22,700	Munisipaliteit
George ..	Voorbereidende	—	—	15,160	Munisipaliteit
Hay ..	Middelbare, Niekerkshoop	1.9062	—	—	Dorpsbes- tuursraad
Hopefield ..	Hoër ..	—	—	19,213	Munisipaliteit
do.	Middelbare, Darling ..	—	—	31,435	Munisipaliteit
Humansdorp	Hoër ..	12.0003	—	—	Munisipaliteit
Kaap ..	Hoër, S.A. Kol- lege Koshuis	—	—	15,968	Munisipaliteit
do.	Laer, Oude Molen ..	2.2720	—	—	Tuinste- de
do.	Hoër, Ysterplaat	—	—	1,190	Munisipaliteit
do.	Hoër, Jan van Riebeeck Koshuis ..	—	—	6,102	Munisipaliteit
do.	Athlone ..	1.8455	—	—	Munisipaliteit
do.	Athlone ..	2.1710	—	—	Munisipaliteit
do.	Athlone ..	5.1074	—	—	Munisipaliteit
do.	Athlone ..	1.9518	—	—	Munisipaliteit
Kakamas ..	Hoër, Martin Oosthuizen ..	—	—	21,731	N.G. Kerk
do.	Laer ..	—	—	23,719	N.G. Kerk
Kimberley ..	Engels medium	2.8348	—	—	Munisipaliteit
do.	Afrikaans medium ..	1.8716	—	—	Munisipaliteit
King William's Town ..	Hoër Seuns, Dale Kollege	9.6624	—	—	Munisipaliteit
do.	Middelbare Berlyn ..	—	—	80,903	Dorpsbes- tuursraad
Kuruman ..	Laer, Saambou	4.0000	—	—	J. D. Lombard
MacClear ..	Middelbare Ugie Koshuis	2.0000	—	—	Dorpsbes- tuursraad
Mafeking ..	Mareetsane Koshuis ..	16.0594	—	—	N.G. Kerk
Parow ..	Laer Kleurling, Elsbury ..	—	—	83,440	Afdelingsraad
do.	Laer, Parow-oos	—	—	11,873	Munisipaliteit
Port Elizabeth	Laer, Willow- grove ..	—	—	13,419	Munisipaliteit
do.	Laer, Summer- wood ..	4.4128	—	—	Munisipaliteit
do.	Laer, Redhouse	2.0027	—	—	Munisipaliteit

BYLAE E (Vervolg)

TOEKENNING VAN GROND VIR SKOOLGEBRUIK

Skoolraad	Skool	Oppervlakte			Skenker
		Morg	Vk. Roede	Vk. Voet	
Prieska ..	Laer Kleurling	13.1954	—	—	Munisipaliteit
Queenstown	Hoër, Hangklip	5.0911	—	—	Munisipaliteit
Uitenhage ..	Kirkwood, Oranjarahof Koshuis ..	—	—	50,844	N.G. Kerk
do.	Laer, Albertyn	5.0000	—	—	Munisipaliteit
do.	Hoër Meisies, Riebeeck Kollege ..	5.0170	—	—	Munisipaliteit
do.	Laer, Susannah Fourie ..	—	—	61,527	Munisipaliteit
Uniondale ..	Hoër, McLachlan	—	222	42	N.G. Kerk
Vryburg ..	Skoolkoshuis ..	2.5034	—	—	Munisipaliteit
do.	Hoër, Stella Koshuis ..	1.9353	—	—	N.G. Kerk
do.	Hoër, Reivilo Koshuis ..	1.0612	—	30,600	N.G. Kerk
Williston ..	Hoër Kleurling	2.6058	—	—	Munisipaliteit
Worcester ..	Laer Kleurling, Touwsrivier ..	3.5976	—	—	Dorpsbes- tuursraad



BYLAE F

GROND EN EIENDOMME AANGEKOOP VIR SKOOLGEBRUIK

Skoolraad	Skool	Oppervlakte			Koop- prys £
		Morg	Vk. Roede	Vk. Voet	
Alexandria ..	Hoër, Koshuis ..	—	86	23,921	1,800
Caledon ..	Hoër, Overberg ..	—	—	49,647	1,800
do. ..	Middelbare, Gans- baai ..	—	619	47,188	4,000
Calvinia ..	Hoër, Koshuis ..	—	—	26,168	2,000
Ceres ..	Laer, Gericke ..	2·1157	—	—	5,500
Clanwilliam ..	Skoolkoshuis ..	1·5195	—	—	14,479
Hopefield ..	Hoër ..	—	111	16	35
Kaap ..	Jan van Riebeeck (Oak Lodge) ..	—	81	66	13,300
do. ..	Hoër, Kromboom- weg ..	8·7303	—	—	18,000
do. ..	Middelbare, Vishoek	6·0337	—	33,647	5,000
do. ..	Laer Kleurling Lotusrivier no. 2	—	269	54	2,744
do. ..	Laer Kleurling, Heatherdale ..	2·0000	—	—	6,600
do. ..	Hoër, Milnerton ..	5·8215	—	—	1,500
do. ..	Laer no. 4 Kleurling, Grassy Park ..	—	143	108	250
do. ..	Hoër Meisies, Wynberg ..	—	—	5,943	3,000
do. ..	Laer no. 3 Kleurling, Grassy Park ..	—	575	—	1,053
do. ..	Opleidingskollege, Hewat ..	—	—	56,929	2,700
do. ..	Spesiale Skool, agterlike leerlinge	7·0000	570	39	14,872
Kimberley ..	Spesiale Middelbare	1·0000	—	23,587	2,500
Paarl ..	Hoërlandbouskool	1300·8322	354	—	75,000
do. ..	Laer, Noord Einde	1·0000	—	83	3,182
do. ..	Hoër Seuns Gim- nasium ..	16·4498	—	—	52,000
do. ..	Middelbare, Kraai- fontein ..	—	—	50,094	2,855
Parow ..	Laer Kleurling, Bellville Suid ..	—	—	5,000	310
do. ..	Laer Kleurling, Avondal ..	—	—	20,000	800
Parow ..	Laer Kleurling, Avondal ..	—	277	112	1,600
do. ..	Laer Kleurling, Avondal ..	—	—	8,574	420
do. ..	Laer Kleurling, Avondal ..	—	—	6,500	340
do. ..	Laer Kleurling, Avondal ..	—	238	27	1,625
do. ..	Laer Kleurling, Avondal ..	—	—	10,024	400
do. ..	Laer Kleurling, Avondal ..	—	—	10,000	478
do. ..	Laer Kleurling, Avondal ..	—	—	20,030	1,850
do. ..	Hoër, Tygerberg ..	—	—	8,000	753
do. ..	Hoër, Tygerberg ..	—	86	24,882·4	2,250
do. ..	Hoër, Tygerberg ..	—	138	128	1,250

BYLAE F (Vervolg)

Skoolraad	Skool	Oppervlakte			Koop- prys £
		Morg	Vk. Roede	Vk. Voet	
do. ..	Laer, Tiervlei ..	—	610	160	6,000
do. ..	Laer Kleurling, Elsiesrivier ..	—	—	20,000	418
do. ..	Laer Kleurling, Elsiesrivier ..	—	—	5,000	418
do. ..	Hoër Kleurling, Florida ..	6·0000	—	—	2,340
Piketberg ..	Hoër ..	—	—	40,366	1,000
do. ..	Voorbereidende, Porterville ..	—	—	14,400	600
Port Elizabeth	Laer, Swartkops ..	—	138	128	2,000
do. ..	Laer, St. Albans ..	2·8116	—	—	200
Stellenbosch ..	Hoër, Kuilsrivier ..	—	—	33,973	1,500
Swellendam ..	Hoër ..	4·9368	—	—	4,000

GETAL BLANKE EN KLEURLINGSKOLE OP 30 SEPTEMBER 1958

BYLAE G

	Opleidings-inrigtings		Skole									Totaal Sept. 1958	Totaal Sept. 1957	Verskil
	Kolleges	Skole	Hoër-	Hoër Landbou-	Middelbare	Spesiale Middeldbare	Laer-	Spesiale	Plaas-	Deeltydse	Sending			
<i>Blanke Skole</i>														
Onder Skoolrade .. ..	4	—	198	—	60	3	798	10	19	—	—	1,092	1,102	-10
Kerkskole .. ..	1	—	—	—	—	—	28	—	—	—	—	29	29	—
Ander Skole .. ..	2	—	2	4	1	—	23	—	—	—	—	32	32	—
Totaal September 1958 ..	7	—	200	4	61	3	849	10	19	—	—	1,153	—	—
Totaal September 1957 ..	7	—	197	4	62	3	856	11	23	—	—	—	1,163	—
Verskil .. ..	—	—	+3	—	-1	—	-7	-1	-4	—	—	—	—	-10
<i>Kleurlingskole</i>														
Onder Skoolrade .. ..	2	—	29	—	14	—	116	9	—	8	—	178	173	+5
Ander Skole .. ..	—	8	—	—	—	—	—	1	—	1	1,178	1,188	1,154	+34
Totaal September 1958 ..	2	8	29	—	14	—	116	10	—	9	1,178	1,366	—	—
Totaal September 1957 ..	2	8	28	—	13	—	113	10	—	11	1,142	—	1,327	—
Verskil .. ..	—	—	+1	—	+1	—	+3	—	—	-2	+36	—	—	+39
Totaal Blanke en Kleurlingskole 1958 .. ..	9	8	229	4	75	3	965	20	19	9	1,178	2,519	—	+29
Totaal Blanke en Kleurlingskole 1957 .. ..	9	8	225	4	75	3	969	21	23	11	1,142	—	2,490	—

48

OPSOMMING

	September 1958	September 1957	Verskil
Blanke Skole .. ..	1,153	1,163	-10
Kleurlingskole .. ..	1,366	1,327	+39
Totaal .. ..	<u>2,519</u>	<u>2,490</u>	<u>+29</u>

BYLAE H

GEMIDDELDE INSKRYWING VAN BLANKE EN KLEURLINGLEERLINGE GEDURENDE DIE KWARTAAL WAT OP 30 SEPTEMBER 1958 GEËINDIG HET, GERANGSKIK VOLGENS TIPE SKOOL

	Opleidings-inrigtings		Skole									Totaal Sept. 1958	Totaal Sept. 1957	Verskil
	Kolleges	Skole	Hoër-	Hoër Landbou-	Middelbare	Spesiale Middeldbare	Laer-	Spesiale	Plaas-	Deeltydse	Sending			
<i>Blanke Skole</i>														
Onder Skoolrade .. ..	808	—	72,418	—	11,292	345	100,060	107	140	—	—	185,170	182,147	+30,023
Kerkskole .. ..	253	—	—	—	—	—	4,160	—	—	—	—	4,413	4,568	-155
Ander Skole .. ..	535	—	993	498	145	—	1,720	—	—	—	—	3,891	3,760	+131
Totaal September 1958 ..	1,596	—	73,411	498	11,437	345	105,940	107	140	—	—	193,474	—	—
Totaal September 1957 ..	1,562	—	71,552	430	11,693	324	104,600	134	180	—	—	—	190,475	—
Verskil .. ..	+34	—	+1,859	+68	-256	+21	+1,340	-27	-40	—	—	—	—	+2,999
<i>Kleurlingskole</i>														
Onder Skoolrade .. ..	428	—	9,836	—	3,011	—	48,704	269	—	357	—	62,605	58,208	+4,397
Ander Skole .. ..	—	1,001	—	—	—	—	—	66	—	18	171,774*	172,859	169,551	+3,308
Totaal September 1958 ..	428	1,001	9,836	—	3,011	—	48,704	335	—	375	171,774*	235,464	—	—
Totaal September 1957 ..	407	963	9,331	—	2,417	—	45,495	290	—	553	168,303†	—	227,759	—
Verskil .. ..	+21	+38	+505	—	+594	—	+3,209	+45	—	-178	+3,471	—	—	+7,705
Totaal Blanke en Kleurling-leerlinge, 1958 .. ..	2,024	1,001	83,247	498	14,448	345	154,644	442	140	375	171,774	428,938	—	+10,704
Totaal Blanke en Kleurling-leerlinge, 1957 .. ..	1,969	963	80,883	430	14,110	324	150,095	424	180	553	168,303	—	418,234	—

49

OPSOMMING

	September 1958	September 1957	Verskil
Blanke Leerlinge .. ..	193,474	190,475	+2,999
Kleurlingleerlinge .. ..	235,464	227,759	+7,705
Totaal .. ..	<u>428,938</u>	<u>418,234</u>	<u>+10,704</u>

\*Met inbegrip van 687 leerlinge in Hoër Primêre Afdelings en 1,011 leerlinge in Sekondêre Afdelings.  
 †Met inbegrip van 629 leerlinge in Hoër Primêre Afdelings en 1,050 leerlinge in Sekondêre Afdelings.

BYLAE I

GEMIDDELDE SKOOLBESOEK EN BYWONINGSPERSENTASIE VAN LEERLINGE IN BLANKE EN KLEURLING-SKOLE VIR DIE JAAR

Leerlinge in	Gemiddelde Skoolbesoek		Bywoningspersentasie	
	1958	1957	1958	1957
Blanke Skole ..	182,816	178,442	94.4	93.4
Kleurlingskole ..	213,947	204,115	90.2	89.0

BYLAE J

I—VERSPREIDING VAN BLANKE LEERLINGE IN STANDERDS VI TOT X OP DIE EERSTE DINSDAG IN JUNIE VIR DIE JARE 1948 TOT 1958

Jaar	St. VI	St. VII	St. VIII	St. IX	St. X
1948 .. ..	14,047	11,015	8,147	4,786	4,204
1949 .. ..	14,215	11,486	8,253	4,779	4,085
1950 .. ..	14,872	11,896	8,695	4,865	4,151
1951 .. ..	15,036	12,952	8,917	5,114	4,161
1952 .. ..	15,531	13,727	9,366	5,237	4,322
1953 .. ..	15,148	14,048	9,719	5,451	4,441
1954 .. ..	15,580	13,889	10,122	5,608	4,623
1955 .. ..	15,797	13,917	10,316	5,969	4,702
1956 .. ..	15,822	14,175	10,987	6,134	5,002
1957 .. ..	16,134	14,499	11,140	6,755	5,186
1958 .. ..	16,561	15,096	11,389	7,131	5,423

II—PERSENTASIE VERSPREIDING VAN BLANKE LEERLINGE IN STANDERDS VI TOT X (GEBASEER OP VOORAFGAANDE TABEL) VIR DIE JARE 1948 TOT 1958

Jaar	St. VI	St. VII	St. VIII	St. IX	St. X
1948 .. ..	100	79	56	32	28
1949 .. ..	100	82	59	33	27
1950 .. ..	100	84	62	35	29
1951 .. ..	100	87	63	36	30
1952 .. ..	100	91	63	37	31
1953 .. ..	100	90	65	37	31
1954 .. ..	100	92	65	37	31
1955 .. ..	100	89	68	38	31
1956 .. ..	100	89	70	40	32
1957 .. ..	100	92	71	43	34
1958 .. ..	100	94	72	45	35

VERSPREIDING VAN BLANKE LEERLINGE, VOLGENS OUDERDOM, IN ALLE STANDERDS IN HOËR-, HOËR LANDBOU-, MIDDELBARE, SPESIALE MIDDELBARE, LAER- EN PLAASSKOLE OP 3 JUNIE 1958, DIE PERSENTASIE WAT VERTRAAG IS, ENS.

Ouderdom Vorige Verjaardag	PRIMËRE								SEKONDËRE						Totaal	Persentasie
	Sub-st. A	Sub-st. B	St. I	St. II	St. III	St. IV	St. V	Spesiale klasse vir verdraagde leerlinge	St. VI	St. VII	St. VIII	St. IX	St. X	Spesiale sekondêre klasse		
Onder 6 jaar .. ..	1,325	1	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	1,327	0·7
6 maar nie 7 jaar nie ..	14,455	1,679	9	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	16,144	8·4
7 " 8 " ..	3,169	12,730	2,138	23	—	—	—	19	—	—	—	—	—	1	18,080	9·4
8 " 9 " ..	312	3,538	12,378	2,347	51	—	2	104	—	—	—	—	—	—	18,732	9·7
9 " 10 " ..	49	441	3,995	11,753	2,395	38	1	256	—	—	—	—	—	—	18,928	9·8
10 " 11 " ..	10	54	656	4,039	11,079	2,334	68	322	—	—	—	—	—	—	18,562	9·6
11 " 12 " ..	3	8	97	847	4,512	11,025	2,428	512	59	—	—	—	—	—	19,491	10·1
12 " 13 " ..	4	3	20	154	999	4,346	8,738	653	2,084	72	—	—	—	1	17,075	8·9
13 " 14 " ..	—	2	7	24	216	1,162	4,292	791	8,235	2,210	71	—	—	6	17,016	8·8
14 " 15 " ..	—	—	1	17	54	288	1,343	738	4,251	7,270	2,009	78	1	90	16,140	8·4
15 " 16 " ..	2	1	1	1	11	73	388	643	1,488	4,143	5,735	1,462	55	237	14,240	7·4
16 " 17 " ..	—	—	1	—	3	12	48	192	384	1,183	2,787	3,778	1,312	133	9,833	5·1
17 " 18 " ..	—	—	—	—	1	2	4	37	51	200	687	1,531	2,820	56	5,389	2·8
18 " 19 " ..	—	—	—	—	—	1	2	10	8	16	92	253	1,016	14	1,412	0·7
19 jaar en ouer .. ..	—	—	—	—	—	1	—	8	1	2	7	29	219	3	270	0·2
Totale getal leerlinge 1958	19,329	18,457	19,303	19,205	19,321	19,284	17,312	4,286	16,561	15,096	11,389	7,131	5,423	542	192,639	100·0
Totale getal leerlinge 1957	18,984	18,982	19,618	19,303	19,684	17,953	17,375	4,358	16,134	14,499	11,140	6,755	5,186	320	190,291	—
Mediaan-ouderdom 1958	6·58	7·59	8·61	9·62	10·65	11·66	12·70	—	13·74	14·72	15·63	16·54	17·48	—	—	—
*Persentasie verdraag 1958	—	—	0·7	1·0	1·5	2·0	2·6	—	2·7	1·4	0·9	0·4	—	—	—	—
Persentasie leerlinge in verskillende standerds 1958	10·0	9·6	10·0	10·0	10·0	10·0	9·1	2·2	8·6	7·8	5·9	3·7	2·8	0·3	—	100·0

\*Gebaseer op die veronderstelling dat leerlinge gewoonlik op 7-jarige leeftyd skool toe kom en dat dié wat twee jaar bo die normale ouderdom is, verdraag is.

BYLAE L

ONDERWYSMEDIUM IN ALLE STANDERDS IN BLANKE SKOLE  
OP 3 JUNIE 1958

Standerd	Hoofsaaklik of uitsluitend Engels	Hoofsaaklik of uitsluitend Afrikaans	Totale getal leerlinge
Subst. A .. .. .	6,346	12,983	19,329
Subst. B .. .. .	6,154	12,303	18,457
St. I .. .. .	6,665	12,638	19,303
St. II .. .. .	6,683	12,522	19,205
St. III .. .. .	6,695	12,626	19,321
St. IV .. .. .	6,710	12,574	19,284
St. V .. .. .	5,849	11,463	17,312
St. VI .. .. .	5,290	11,271	16,561
St. VII .. .. .	5,014	10,082	15,096
St. VIII .. .. .	3,704	7,685	11,389
St. IX.. .. .	2,617	4,514	7,131
St. X .. .. .	1,926	3,497	5,423
Spesiale Klasse: Vertraagde Leerlinge .. .. .	1,101	3,185	4,286
Spesiale Sekondêre Klasse .. .. .	207	335	542
Totaal .. .. .	64,961	127,678	192,639

BYLAE M

MEDIAAN-OUERDOM VAN BLANKE EN KLEURLINGLEERLINGE  
TOT STANDERD VI OP 3 JUNIE 1958

Standerd	Blanke	Kleurling
Subst. A .. .. .	6·58	7·58
Subst. B .. .. .	7·59	8·74
St. I .. .. .	8·61	9·85
St. II .. .. .	9·62	10·82
St. III .. .. .	10·65	11·83
St. IV .. .. .	11·66	12·73
